Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 32 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | ongeveer 40 minute |
| AFDELING B: | ongeveer 55 minute |
| AFDELING C: | ongeveer 55 minute |

11. Skryf netjies en leesbaar.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A: GEDIGTE**<br><br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. "Elegie vir my toekomstige vrou" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| | | | |
| 2. "Maaltyd'" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| | | | |
| 3. "Suiwer wiskunde" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| | | | |
| 4. "dienaar van die nagereg" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| | | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | **EN** | | |
| | | | |
| 5. kompos bevorder groei | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| | | | |
| 7. *onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| | | | |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| | | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 16 |
| | | | |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 12. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| | | | |
| 13. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| | | | |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |
| | | | |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 29 |
| | | | |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 29 |

*** LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEK KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14-17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Elegie vir my toekomstige vrou – André Letoit**

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
:dit was op die skaatsbaan
of op die sessiondansvloer
of dalk by die biduur
(hoewel die soort
wat jy by bidure ontmoet
gewoonlik nie lank
hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hilbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd 'n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het
verlief geraak op my
toe jy my profiel in die
– nee wag – toe ek
in jou oor fluister
"ek smaak jou" (jou hare
het effens na kougom geruik – oh baby)

daarna het ek jou ouers ontmoet
hulle het my uit die huis uitgejaag
(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se tyd –
my tydsberekening is altyd verkeerd)

maar uiteindelik
het ons tóg getrou; jy was
so bly: niemand het opgedaag by die kerk nie
behalwe die dominee
en 'n paar assuransieagente
(onder andere my pa, saam met sy
vrou; gawe mense, darem,
as jy hulle leer ken; ongelukkig
ken ek hulle
nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (lééf?) soos al die ander
mense (mense?) en
nie meer toptwintig
geluister nie;
ek het altyd gedog
ek was verlief op jou (hahaha!)
maar toe eers, toe vang ek
die hele triek:
alles gaan om skreeuende bybies
en kombuiskaste wat piep
en die huwelik is ŉ duur prys om te betaal
vir ŉ lewe vol platoniese dogmatiek

[Uit: *Suburbia* deur André Letoit, uitgegee deur Perskor.]

Bespreek die redes waarom hierdie gedig as ŉ voorbeeld van ŉ **satire** gesien kan word in ŉ opstel van 250–300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Maaltyd – P.J. Philander**

Ou moeder met haar hoepelrokkie
en stywe kappie, staan hande gevou
in die vorm van ŉ koperklokkie
vir smôrens, smiddags en vir nou.

Die blou bord en die skoon servet,
die helder bril, die Bybel oop,
en teen die hoë muur haar groot portret
hou my aan haar steeds vasgeknoop.

En op die gladde, blink buffet,
glimmend in die skerp lig van die lamp,
skyn sy nou in die seëngebed,
leef sy nou in die wasige damp.

Sy was eers goud, heel later silwer,
nou's sy koper waar sy staan,
maar met elke lui dan skilfer
af ... die grasgroenspaan.

[Bron: *Uurglas,* uitgegee deur Nasionale Boekhandel, 1955]

2.1 Benoem die beeldspraak in strofe 1 en verklaar die funksie daarvan. (2)

2.2 Verklaar waarom die onderstreepte woorde in reël 4 ongewoon is en haal ŉ frase uit strofe 3 aan om jou antwoord te staaf. (2)

2.3 Herlees versreël 7.

Watter verstegniese middel word gebruik om die spreker aan sy moeder vas te knoop? (1)

2.4 Herlees strofe 2.

Noem TWEE items wat die spreker aan sy moeder "vasgeknoop" hou en dui aan hoe dit by die tema van die gedig aansluit. (3)

2.5 Dink jy ŉ ander tipe strofebou en rymskema sou hier meer gepas wees? Motiveer. (1)

2.6 Watter stemming oorheers in die gedig? (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Suiwer wiskunde – N.P. van Wyk Louw**

1 Die uurwerk kantel. En die ligbruin by
2 hang roerloos voor die blom wat nooit bevrug
3 word, nooit saad sal skiet, en nooit verby
4 hierdie verstarde uur sal groei. Die lug
5 het stil soos ys gaan staan, so wit en blou.
6 Die brander wat wou oorbuig, val, en skuim,
7 bly in sy ligte sirkels vasgehou
8 en moet sy see ʼn ewigheid versuim.

[Bron: *Nuwe verse,* uitgegee deur Tafelberg, 1954]

3.1 Die eerste sin is ʼn hipotese. Verduidelik wat met hierdie stelling bedoel word en gee EEN voorbeeld van hoe dit uitgehef word. (2)

3.2 Die by verrig nie hier sy normale funksie in die natuur nie? Bewys die stelling deur ʼn frase aan te haal as ʼn bewys vir dié stelling. (1)

3.3 Watter retoriese middel word in versreëls 2 en 3 gebruik om te dui op toekomstige aksies wat nie kan plaasvind nie? (1)

3.4 Herlees versreël 5.

3.4.1 Watter klankeffek kom hier voor? Motiveer waarom dit funksioneel gebruik is. (2)

3.4.2 Benoem die beeldspraak in hierdié versreël. (1)

3.5 Herlees versreëls 4 tot 6.

Tyd het tot stilstand gekom en daarom het die brander ook gestol. Hoe slaag die digter om die handeling wat nooit plaasvind nie uit te hef?
Noem TWEE maniere. (2)

3.6 Hierdie gedig is ʼn goeie voorbeeld van ʼn metafisiese gedig. Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**dienaar van die nagereg – Patrick Petersen**

wanneer ek, pie djy pie, dink aan u pa-pappa-pappie
sien ek
u langarm in ʼn jas reënerige kakie op ʼn groen raleigh
vir presies wees; ʼn teen-koue-kakiekombers dik om u
lyf gespan; wasem wat soos spookasem uit u mond hang;
op kantoor besig met die administrasie
van wit man; en buite brand die blou lig blouer teen
die totale aanslag van links en swartwees; tussen twee tot tien
elf tot sewe vyf tot een en tien tot ses.

wanneer ek aan u werk dink pappa-piet
sien ek
ʼn hart wat vuiste maak; haat wat opgroei en ʼn
grootman raak; die maan wat snags u beatstap
tel; die wind altyd weer die wind op wolseley
wat die dood in sy knope opgaar; blink geelkopersknope –
waarin die volksnag lawenis soek; lexingtons
en way side twak; die apostoliese hawe – ʼn kloekbaai
wat haar skuitjies bymekaar hou.

en eenkant langs die tafel voor die stoof sit slaap
my skaduwee en ek.       wag vir kedoes medi
husse met lang-lang ore.       wag vir tjoklit en humbugs.
wag vir die dienaar van die nagereg.       wag vir één dag.

[Bron: ***amandla*** *ngawethu*, uitgegee deur Genadendalse Drukkery, 1985]

4.1 Haal ʼn woord uit die gedig aan wat by die onderstreepte woord in die titel aansluit. (1)

4.2 Die spreker se waarneming in versreël 2, word tipografies uitgehef. Hoe word dit bewerkstellig? (1)

4.3 Herlees versreël 3.

4.3.1 Verklaar die denotatiewe en konnotatiewe betekenis van die onderstreepte woorde. (2)

4.3.2 Benoem die stylfiguur. (1)

4.4 Watter beeldspraak kom in versreël 5 voor? Motiveer of die beeld hier gepas is. (2)

4.5 Verduidelik die ironie in versreëls 6 en 7. (1)

4.6 Watter boodskap wil die gedig aan die leser oordra? (1)

4.7 Dink jy die gebruik van die donkergedrukte woord in die bron van die digbundel is gepas as jy die inhoud van die gedig in ag neem? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Kompos bevorder groei – Johannes DeSilentio**

Tot sweet-warm donkertes beperk,
die ondergrondse wurm-werk,
om organiese bindings af te breek
sodat ek weer kan groente kweek.

Hoe méér die wurms kan verwoes,
hoe ryker, inderdaad die oes.
Dié paradoks, van ryk uit vrot,
spreek siel-diep tot my eie lot:

Soms sukkel ek om te verstaan
dat ek níé nou verlore gaan;
Kompos! Laat my tog onthou –
mens breek soms af om weer op te bou.

5.1 Benoem die strofebou in die gedig. (1)

5.2 Watter soort halfrym kom in versreël 2 voor? Dui aan hoekom dit funksioneel gebruik is. (2)

5.3 Herlees versreëls 5 tot 8.

5.3.1 Dink jy die digter maak hier gebruik van regressie, of progressie? Motiveer jou antwoord. (1)

5.3.2 Is die paradoks wat in strofe 2 voorkom geslaagd? Motiveer jou antwoord. (1)

5.4 Benoem die rymsoort in die gedig. (1)

Kopiereg voorbehou

5.5 Herlees strofe 3.

5.5.1 Dink jy die spreker praat met die "Kompos"? Motiveer jou antwoord. (1)

5.5.2 Verduidelik in jou eie woorde wat die spreker graag wil onthou. Op watter manier word die onthou uitgehef? (2)

5.6 Stem jy saam met die spreker se positiewe siening oor die "afbreek" wat in sy lewe plaasvind? Motiveer. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Greg teken sy hele matriekjaar protes aan teen verskillende gesagsfigure en instellings.

Skryf ŉ opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

"Ek meen, sal jy jou geld in ŉ bank sit as ŉ hacker daarby kan uitkom? No ways! Daarom moet die bank sorg dat hy beter beskerming kry vir sy kliënte. ABSA-bank het dit gedoen nadat ŉ ou ŉ klomp kliënte se rekeninge gecompromise het. Voor dit het jy bloot jou rekeningnommer en iets soos ŉ vyfsyfer-password ingetik as jy hul internetbank wou gebruik. Dis belaglik maklik vir ŉ hacker om daardie kode te breek. Maar vandag moet jy deur twee password-skerms beweeg om by jou geld uit te kom. En hulle gebruik SMS'e om kliënte te laat weet iemand het aangeteken op hulle rekening.
"En dit het eers gebeur nadat iemand geld gesteel het," sê ek.
"Ja. ŉ Klompie banke het nou ook ŉ intelligensie-organisasie, SA-BRIC,geskep om risiko's en bedreigings van hackers uit te wys."
Ek vat my bierblik en frommel dit tussen my hande. "Oukei," sê ek. "So daar is good guys and die bad guys in die hacking onderwêreld."
"Ja, hulle praat ook van die white hats en die black hats."
"En die black hats is seker die kriminele."
Eckardt knik sy kop en glimlag skeef. Hy teken af op sy laptop. In my broei daar nou ŉ opgewondenheid. En die potensiaal van gevaar wat net skuins agter die opwinding lê.
"Sal jy my leer?" vra ek toe Eckardt weer agteroorleun in sy stoel.
"Wat betaal jy my?"
Ek maak of ek sy stoel gaan omgooi. "Komaan, Eckardt!"
Hy kyk my eers net aan asof hy moet besluit, maar ná ŉ ruk sê hy: "Oukei, maar nie vanaand al nie. Môre. Ons kan môre begin.

7.1 In watter ruimte vind hierdie gesprek tussen Greg en Eckardt plaas? (1)

7.2 Herlees reël 12.

Dit wat hier gebeur wys duidelik op Greg se morele kompas wat besig is om te wankel. Noem nog DRIE ander voorbeelde in die roman wat hierdie stelling bewys. (3)

7.3 Herlees reëls 14 tot 16.

7.3.1 In watter opsig sluit hierdie reëls by die titel van die roman aan? (1)

7.3.2 Greg kan later in die roman as ŉ *white hat* én ŉ *black hat* beskou word. Weerlê of bewys hierdie stelling. (2)

7.3.3 Gee EEN rede hoekom Eckardt se handeling in reël 16 ironies is. (1)

7.4 Herlees reëls 16 en 17.

Watter tipe verteller is hier aan die woord? Motiveer waarom juis die spesifieke verteller. (2)

7.5 Waarop sinspeel reëls 16 tot 18 oor Greg se verhouding met sy oorlede broer en hoe het Eckardt dit tot sy eie voordeel gebruik? (2)

7.6 Watter karaktereienskap van Eckardt lei ons uit reëls 21 en 22 af. (1)

**EN**

**TEKS B**

Dit is net ŉ uur of so voor die son oor die berg sal breek en die koue sal wyk. Ek wou nog vroeër vir sersant Botha van Dok vertel het, maar nou moet ek die saak weer deurdink. Nes jy reken jy het die bodem van die onderwêreld bereik, stop iemand jou ŉ graaf in die hand en moet jy dieper grawe.

Sersant Botha wil nie aangaan sonder inspekteur Cele nie. Hy stuur my net na my kamer. "Gaan probeer maar slaap. Jy gaan dit nodig kry. Daar wag ŉ lang dag op jou, boetie. Jy't baie om te verduidelik. En moet nie iets stupid try nie, oukei? Jy het al klaar meer moeilikheid as wat jy kan handle."

Hy maak homself tuis op een van die banke in die Hang-Out.

Ek gaan na my kamer toe. Verslae. Die mure voel onvriendelik, asof ek nie daar hoort nie. Loser. Ek gaan lê op my bed, probeer dinge vir myself uitredeneer. Wie sou ŉ keylogger op my computer gesit het? Wie sou die kans gehad het om dit te doen?

Enigeen van die ouens hier in die koshuis sou kon. Die kamer staan baie keer oop as ek badkamer toe gaan of TV gaan kyk, rugby gaan oefen. Sou iemand soos Plank of TJ dit gedoen het? Dalk Kwanele? Dok? En wat sou hulle daarmee bereik? Hoekom sou hulle wou weet wat ek doen?

Waar eindig die onderwêreld?

7.7 Wat wou Greg vir Sersant Botha voor hierdie uittreksel vertel het? (1)

7.8 Herlees reëls 10 tot 13.

7.8.1 Waarmee worstel Greg in hierdie reëls? Watter tegniek gebruik die spreker om die konflik te onderstreep? (2)

7.8.2 Is dit dieselfde konflik wat hy in Clarens, aan die einde van die roman ervaar? Motiveer jou antwoord. (1)

7.9 Waarna verwys die onderstreepte woord in reël 11? Van watter karakteriseringstegniek word hier gebruik? (2)

7.10 Verwys na reëls 11 en 12.

Wie was verantwoordelik vir die 'keylogger' op Greg se rekenaar? (1)

7.11 Verwys na reëls 15–18.

Hoe word die spanning hier bewerkstellig? Noem TWEE maniere. (2)

7.12 7.12.1 Dink jy Greg het karakterontwikkeling ondergaan van TEKS A na TEKS B? Motiveer jou antwoord. (1)

7.12.2 Verduidelik hoekom jy dink Eckardt en Dok Pienaar het geen karakterontwikkeling ondergaan nie. (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Die hoofkarakter, Baas Chipman, is ŉ voorbeeld van ŉ tipiese buitestaander en sy optrede teenoor die plaaslike inwoners van Barotseland, voordat ouma Essie en Grace sy denke beïnvloed het, getuig inderdaad hiervan.

Skryf ŉ opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Teen die Zambezi draai hy wes om stroomop die kronkels van die rivier, en veral die stroomversnellings, te verken en aan te teken. Waar die Zambezi sy boggel maak, is dit al in die uitgetrapte olifantpaadjies langs, nog eens noordwaarts deur die oewerruigtes.

Twee jaar ná sy aankoms op die kontinent vestig Dennis Chipman hom op die wal van die Zambezi tussen die mense van die Lozi-stam in Barotseland, die westelike provinsie van die huidige Zambië. <u>Hy vang nie ŉ enkele skoenlapper nie, en gaan nooit terug na sy land van herkoms nie.</u>

Onder die Malozi staan hy bloot as Baas bekend. Hy en Brindle, later ook hy en die basterafstammelinge van die oorspronklike Brindle – altyd met ŉ Brindle as tropleier – word legendariese buffeljagters. Hy kap die trofeë aan die stamme van die reuse-oewerbome om sy kamp vas en dit besorg aan sy blyplek die naam Manaka, wat Plek van die Horings beteken. Met die jare kry hy langs sy hut ŉ skooltjie aan die gang waar hy ŉ klomp Malozi-kinders onder ŉ worsboom met die vinger in die sand leer skryf en somme maak. Hulle leer ook lees en Engelse kerkliedjies sing – die enigste liedjies wat hy uit sy kinderjare onthou. Sy Sakbybeltjie staan in vir die leeswerk. Sondae word die ruwe kiaathoutbankies onder die worsboom die kinders en sommige ouers se kerk. Hy noem dit Manaka Evangelical Mission. Een van sy gemeentelede is indoena Sitali Mulambwa, die stamhoof van die Senangagebied.

ŉ Passie om die noordelike wildernisgebiede van Afrika toeganklike te maak dryf Dennis Chapman.

9.1 Verteller.

9.1.1 Watter soort verteller is in hierdie uittreksel aan die woord en wat is sy funksie in reël 1–4? (2)

9.1.2 Motiveer waarom hierdie soort verteller hier funksioneel is. (1)

9.2 Herlees die onderstreepte gedeelte in reëls 7–8.

Verklaar die verwysing na die skoenlappers en sê wat Dennis se land van herkoms is. (2)

9.3 Herlees reël 9.

Verduidelik waarom Dennis Chipman slegs as Baas bekend gestaan het. (1)

9.4 Watter belangrike rol vervul die worsboom (reël 18) in hierdie verhaal? (2)

9.5 Oupagrootjie.

9.5.1 Dink jy die oupagrootjie se ideaal om die wildernisgebied van Afrika toegankliker te maak was geslaagd? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

9.5.2 Sê ook wat Baas se droom is en of dit realiseer. (2)

**EN**

**TEKS D**

“Jou reg om ’n Christen te wees maak van jou ’n Christen. Weet jy dit dan nie?”

Ouma Essie haal haar Bybel uit haar sisvoorskoot se sak en gee dit vir Baas. “Jy kan mos lees. Romeine 10 vers 20.”

Baas blaai.

“Nie daar nie!” gebied sy. “Romeine is verder agtertoe. Glo jy hierdie boek?”

“Wat sê jy, ouma Essie?”

“Ek wil weet of jy in hierdie Boek glo, jongman. Dit help nie ons staan daaroor en praat as jy nie glo wat hierin staan nie. Het jy ‘n Bybel?”

“Ek het meer as een Bybel, ouma Essie. Ek het twee. Dit wil nie sê ek het die antwoorde nie.”

Ouma Essie vat die boek hardhandig uit Baas se hande.

“Nou vat al twee saam en gaan lees Romeine 10 vers 20.” Sy druk haar Bybel terug in haar sak. “Muluti Griesel en meneer Johnnie wag al vir jou. Dis lekker stil daar in die mopaniewoud. Dan lees jy sommer vers 9 en 10 ook.” Sy skakel die kragopwekker af.

Priscilla en Akwilla se helder fluite hang oor die stilte. Baas trek die vasmaaktoue onder die seil uit.

“Dank die Here,” sê ouma Essie.

“Bolena!” sê Baas in die taal van die maats uit sy kindertyd. “Lea tshwenya!”

“Wat sê jy?” vra ouma Essie verontwaardig.

“Julle! Julle pla!” vertaal Baas.

“Dis nie nodig om vir my te sê wat jy gesê het nie! Dis nie ons wat jou pla nie. Ke Modimo, lesogana. Dit is die Here, jongman,” sê sy in die taal van haar kinderjare.

9.6 Wat lei ons in reëls 1–3 omtrent ouma Essie se karakter af? Watter bydrae lewer ouma Essie tot Baas se karakterontwikkeling? (2)

9.7 Teen watter agtergrond vind Baas en ouma Essie se gesprek in hierdie gedeelte plaas? (1)

9.8 Herlees reëls 9–10.

9.8.1 Baas ervaar innerlike konflik oor sy godsdiens. Noem TWEE dinge wat hiertoe aanleiding gegee het. (2)

9.8.2 Hoe sou sy ouers se dood tot hierdie konflik kon bydra? (1)

9.9 Waarom is dit ironies dat Baas innerlike konflik ten opsigte van sy godsdiens beleef? (1)

9.10 Reël 21 bevestig dat Baas sy geselskap verkies. Motiveer met DRIE bewyse uit die roman dat Baas ŉ buitestander is. (3)

9.11 Hoe verskil Baas se optrede in TEKS D van sy oupagrootjie s'n in TEKS C? (1)

9.12 Watter tema in *Manaka Plek van Horings,* kom in TEKS D sterk na vore? Motiveer waarom jy dink die boodskap van dié roman nog aktueel is. (2)

**[25]**

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Die milieu op Vatmaar én Du Toitspan beïnvloed tant Wonnie.

Skryf 'n opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

**OF**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E

Siesie Lena en Janman sou terug Windsorton toe loop en die trein Kimberley toe daar vat. Dis hou hulle twee-twee uitmekaar is. Toe hulle mekaar groet, het die vier gesê: Dankie, Vader.

Bet en Flippus was nou alleen in die vreemde wêreld.

Jare later, toe Oom Flip en Tant Bet goed gevestig was in Vatmaar en Klein – Neels al 'n fris klong, loop Oom Flip vir Jakob Kierie in die Pan raak. Hy het net uit die tronk gekom na hy drie jaar gesit het oor hy ongeslypte diamante by hom gehad het.

Hy vertel toe dat Oubaas Swarz op Bakerville dood is, 'n arm man, soos die meeste ander delwers. Sy dogter Mollie het met Filemon getrou. Hulle enigste kind is dood. Oubaas Steenkamp het sy eie lewe geneem. Albei ou manne het gesê as hulle net geweet het, sou hulle nooit daardie twee skepsels laat gaan het nie, want hulle was die laaste van hulle soort wat nog in die wêreld oor was. Hulle geluk het hulle met hulle saam weggevat en hulle verdriet vir hulle, die witmense, gelos. Dis wat die toordokter glo vir hulle gesê het. Dit, het Jakob Kierie gesê, is wat die witmense op Bakerville onder mekaar vertel.

In die mouterkar Kimberly toe is daar nie 'n woord gesê nie. Mister Hall – Stone het sonder om te vra by die stasie gaan stilhou. What a contrast, sê hy toe hy na die twee kyk wat uitklim.

11.1 Herlees reëls 1 tot 3.

11.1.1 Watter gebeure gaan die afskeid in hierdie reëls vooraf? (1)

11.1.2 Gee TWEE redes vir die karakters se dankbaarheid. (2)

11.1.3 Op watter manier verander dié gebeurtenis die karakters se lewensomstandighede? (1)

11.2 Karakteruitbeelding.

11.2.1 In watter TWEE opsigte word Tant Bet gepas uitgebeeld? (2)

11.2.2 Waarom is Oubaas Swartz se uitbeelding in die roman nie gepas nie? (1)

11.3 Waarom voeg die verteller die inligting oor Jakob Kierie hier van reël 6 tot reël 16 in? (1)

11.4 Herlees reëls 8 tot 12.

Oubaas Swartz en Oubaas Steenkamp het uiterlike konflik met hulle werkers, Bet en Flippus. Gee 'n voorbeeld van dié konflik by ELK van die werkgewers. (2)

11.5 Gee EEN van die "twee skepsels" in reël 12 se naam. (1)

11.6 Oubaas Swartz en Oubaas Steenkamp het 'n baie hoë denk van Flippus en Sus Bet. Is dit geregverdig dat hulle so baie van dié twee dink? Motiveer jou antwoord. (2)

11.7 Wat bedoel Mister Hall-Stone met sy uitlating in reëls 18 en 19? (1)

**EN**

**TEKS F**

Toe haal Tant Wonnie 'n sjieling uit haar roksak en gee dit vir hom. Hier is 'n sjieling, Mineer Jones, sê sy. Laat hulle opklim.
Stoffel Jones het nie geweet dat Tant Wonnie daardie dag in die hof verskyn het nie, ook nie dat Mevrou September die saak teen haar gemaak het nie. Klim op jou skelm, sê hy en vat die sjieling.
Settie September was baie verbaas om Tant Wonnie met 'n nuwe rok en skoene aan in die kapkar te sien. Sy kon haar nie in die oë kyk nie en Tant Wonnie het gedink; As sy 'n stert gehad het, was hy tussen haar bene.
Johnny September was net so verbaas soos sy vrou. Middag, Tante, het hy gesê. Sy het net na hom gekyk en niks gesê nie.
Die kar het weggetrek: Klip-kop, klip-kop, klip-kop en hulle koppe het saam met die klip-kop, klip-kop, klip-kop gewieg.
Tant Wonnie het sit en dink: Ek en Suzan is altwee verwerp, veroordeel en beledig. My eer is in die hofgebou herstel, maar nie in Vatmaar nie. Daar was niemand van Vatmaar in die hof nie. Ek wonder watter liefstories nou vertel en uitgedink gaan word. Maar vanaand sal ek die blikkie beesvleis oopmaak, 'n ui opsny en brood bysit. Dan, as Suzan wil, kan sy droëvrugte kry en die gemmerbier drink.
Tant Wonnie was op die punt om aan die slaap te val toe Mevrou September vir haar man met die oë na die bottel gemmerbier in die kardoes beduie.

11.8 Watter soort verteller is aan die woord in TEKS F, en hoekom is dit noodsaaklik dat juis hierdie verteller in reëls 3 tot 7 gebruik word? (2)

11.9 Is Settie September se reaksies in reëls 6 tot 7 oortuigend? Gee 'n motivering by ELKE reaksie. (2)

11.10 Tema.

11.10.1 Watter tema in die roman sluit by die onderstreepte woorde aan? (1)

11.10.2 In watter TWEE opsigte het dié tema betrekking op Kaaitjie? (2)

11.11 Sus Bet (TEKS E) en Tant Wonnie (TEKS F) leef Ta Vuurmaak se filosofie van mededeelsaamheid uit.

Bewys met behulp van TWEE voorbeelde by ELK dat Sus Bet én Tant Wonnie mededeelsaam optree. (4)

**[25]**

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Die tema van *Die kwart-voor-sewe-lelie* kan saamgevat word in Iris se woorde: “Ek glo al sedert my skooldae dat ek soos my botaniese naam die een of ander tyd moet blom.”

Bespreek die tema in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

Ek het my laaste troefkaart uitgehaal en haar vertel van my gesin. Dit het mense gewoonlik vermaak, maar met haar het dit misluk.
“’n Huishoudster?” het sy skerp gevra. “Het julle ’n huishoudster?”
Ek het vir Johanna as onderwerp afgeskryf en op Ma gekonsentreer.
“Vir sulke hulpelose vrouers is daar in hierdie moderne tye nie plek nie,” het sy Ma verwerp en die vulsel vir die kalkoen gewelddadig geknie. Die sjerrieglas het nog langs haar gestaan en sy het kort-kort bygevul. Ek het onthou dat ek besig was om te gesels met ’n vrou wat ’n warmwatertenk kon vervang en het oorgeskakel na Elsa en Kara.
“Sy’t haar laat steriliseer? Terwyl sy nog jonk en vrugbaar was?”
Nog ’n bloutjie. Ek het vinnig vertel van verwagtende Kara wat haar huis wou vul met kinders in al die kleure van die reënboog. “H’m,” het sy gesê, nie heeltemal goedkeurend nie. “Hoekom is hulle nie getroud nie? Is hy ook een van die soort mans soos Brian?”
My moed was laag. <u>Miskien moes ek in New York gebly</u> en my deur Joe laat fotografeer het. “Ek weet nie. Ek dink hulle sal trou.” Dokter Anders en Frederik en Dora het haar ook nie eintlik geamuseer nie. Bowendien was die skottelgoed afgedroog en weggepak en was ek lus vir loop. Maar in ’n laaste desperate poging het ek haar van die Engel vertel en dit was ’n kolskoot. “Sowaar?” het sy gesê en die laaste druppels uit die bottel in haar glas gegooi.

13.1 Gee DRIE redes waarom Bettie opgebeur moet word. (3)

13.2 Is Johanna nét ’n huishoudster vir Iris-hulle? Motiveer jou antwoord met ’n spesifieke voorbeeld uit die roman. (1)

13.3 Watter karaktereienskap van Bettie blyk uit haar dialoog (reël 5–7) met Iris? (1)

13.4 Wie is die verteller in TEKS G? Waarom is dié verteller na aanleiding van die onderstreepte sinsdeel effektief? (2)

13.5 Hoe dra Joe tot die konflik tussen Iris en Peter by? Is dié konflik opgelos? Motiveer jou antwoord. (2)

13.6 Die Engel tree as beskermengel in Vermont op.

13.6.1 Noem TWEE maniere hoe die Engel as beskermengel optree. (2)

13.6.2 Hoe tree die Engel nié in Vermont vir Iris as beskermengel op nie? (1)

**EN**

**TEKS H**

Toe ek in later jare in die metafisika begin belangstel en haar vertel dat die molekule opgebreek kan word in sy kleinste onderdeel, die foton, en dat daar gevind is die foton het ʼn geheue en is dus lewend, was sy ekstaties. Dit was een van die min kere dat sy met groot aandag na my geluister het. So aan my lippe hangend dat ek ongemaklik gevoel het en skielik nie meer seker dat wat ek aan die vertel was, wel die hele waarheid was nie. Maar vir haar was dit voldoende. Meer as voldoende. My stamelende uiteensetting van ʼn baie ingewikkelde konsep was presies wat sy wou hoor.
"En julle het altyd vir my gelag," het sy gelukkig gesê. "Julle het altyd gedink ek is getik as ek met die stofsuier gesels. Nou vertel jy my sy molekules was al die tyd lewend en kon my hoor."
Ek het benoud geword, my pa het ongelowig gelag toe sy dit die aand vir hom vertel en my susters het net hulle koppe geskud. Ek het dikwels soos Aspoetertjie gevoel behalwe dat my susters nóg stief nóg lelik was.

Elsa en Kara het net twee jaar verskil, maar voor ek gebore is, het ses leë jare verbygegaan. Uit die aard van die saak was ek dus ʼn alleenloper en, soos Polder, iemand wat op oorskietkos geleef het. In Polder se geval was dit sy eie keuse: hy het geweier om geblikte hondekos te eet.

13.7 Herlees reël 9–11.

13.7.1 Watter karaktereienskap van Ma kan jy uit hierdie reëls van TEKS H aflei? (1)

13.7.2 Toon Ma hierdie selfde karaktereienskap wanneer sy saam met Pa op die plaas woon? Motiveer jou antwoord. (1)

13.8 Herlees reël 4.

13.8.1 Gee voorbeelde uit die roman waar Elsa en Pa onderskeidelik nie na Iris luister nie. (3)

13.8.2 Noem ook die rede wat Pa daarvoor gee. (1)

13.9 13.9.1 Speel Iris se familie wat haar stilmaak, ŉ rol in die skep van haar fantasiewêreld? Motiveer jou antwoord. (1)

13.9.2 Noem DRIE maniere waarop die Engel Iris beïnvloed. (3)

13.10 Waarom voel Iris soos Aspoestertjie? (1)

13.11 Herlees TEKS G (reël 17) en TEKS H (reël 10–12).

Dink jy dat Ma se gesprek met Iris op Ma se hulpeloosheid dui? Motiveer jou antwoord. Waarom, dink jy, het Bettie hierdie vooroordeel teenoor karakters wat sy as "hulpeloos" beskou? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF vraag 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Johnnie, later bekend as Map, se omstandighede het 'n invloed op al die keuses wat hy uitvoer.

Skryf 'n opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Really? Daai Ingilse liberal moffies, jy dink ons vat hulle serious? |
| RICHIE: | (*aan Cyril)*: Hê, jou bloues is vi' jou kwaad, hulle vra vi' jou attention! |
| CYRIL: | Die hele spul, blêdie whiteys wat kamma hierso innie township kom visit, asof hulle belong, moet hulle nice and kind wit gevriete! Smiling fokken hypocrites! Map Jacobs gaat hulle opfok as hy weer yt is, watch 'it net ... En hy sil reg wies! Daai wit varke wat by Blanchie in en yt is ... Bastards! |
| RICHIE: | Hê, wie's nou sweet op haar? ... |
| CYRIL: | Fok-off man! |
| TOMMY: | Shut up, shut up! Ek sê vir julle Map is 'n gechange – de man! |
| CYRIL: | Fok-off jy oek! Het jy nou skielik nerves oor Map? Ek hoor hy's gou bytekant, nog net 'n paar dae ... |
| RICHIE: | Die storie lê hier rond ... |
| TOMMY: | So wat daarvan? |
| CYRIL: | Ja, so what!? *(Hy lag.)* ... Wanner? |
| TOMMY: | Die sewende ... |
| CYRIL: | Aha!<br>*Hulle speel.* |
| RICHIE: | *(aan Tommy)*: Wat sê Antie Grootmeisie, ek mien, jy's mos in daar by hulle ...<br>*Hulle speel. Tommy is besig met sy ware.* |

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Silence is golden, hê? |
| TOMMY: | Jy wiet sy kannie praat nie. |
| RICHIE: | Okay, moenie so touchy wies nie!<br>*Hulle speel. Dan verskyn Cavernelis met sy fiets, weer op pad huis toe ná een van sy uittogte met die soft goods. Hy huiwer wanneer hy verby kom.* |
| CYRIL: | Hie' kom die ou vrek. *(Stilte.)* Weer overtime, ja! Skaars by die hys van sy job af, dan's hy al weer weg op sy bike, met die soft goods, tot Sondae oek ... Géld! Hoegdrawende ou stront! |
| TOMMY: | Laat staan die man, dis nie ons biesagheit nie!<br>*Cavernelis wil net van sy fiets af, dan praat Cyril.* |

15.1 Waarna verwys Richie se woorde in reël 2 en 3? (1)

15.2 Herlees reëls 4 tot 8.

15.2.1 Na hoeveel jaar kom Map nou uit die tronk en hoekom is hy in die eerste plek tronk toe gestuur? (2)

15.2.2 Waar pas TEKS I in die struktuur van die drama? Dink jy die dramatiese spanning neem toe? Motiveer jou antwoord. (2)

15.3 Herlees reëls 27 en 28.

Gee 'n rede vir Cavernelis se reaksie en dink jy sy reaksie is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (2)

15.4 Herlees reëls 29 tot 31.

15.4.1 Wat is die funksie van dié dialoog? (1)

15.4.2 Hoekom werk Cavernelis so hard en het hy selfs twee werke? Het hy die vrugte van sy harde werk gepluk? Motiveer. (2)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| TOMMY: | Hy't net weer sy nies hierso kô instiek oor Blanchie, man, oor haar en Map ... Julle wiet oek al seker ... Ek mien... |
| CYRIL: | 'Is ou nuus al, man, lat ... hy try al weer hárd by haar ... en sy't nog oeghare vir hom, ek sê ... *Stilte* |
| CYRIL: | *(aan Richie)*: Spéél, wat stáán jy so ... |
| RICHIE: | Ek het julle mos gesê, hy's skaars t'rug, of die hele fokken wêreld hierso is weer gemaak en gebriek! 'Is sy ou stryk ... |
| CYRIL: | Okay man, Blanchie was nooit vir jou ge-bedoel nie, so los nou jou crush op haar ... |
| RICHIE: | Gwaan voetsêk, wat se crush het ek op haar? ... |
| TOMMY: | Okay man ... |
| RICHIE: | *(aan Tommy):* Vryf jy jou fokken ringe, man! (*Geniepsig, want hy weet Tommy óók het 'n "crush" op Blanchie.)* |
| CYRIL: | Julle's darem op julle nerves, jong! |
| RICHIE: | *(aan hulle almal)*: Los my yt! Wat neuk julle moet my? *(Hy smyt sy stok neer, en lóóp)*. |
| TOMMY: | Strange ... |
| CYRIL: | Oek nie so strange nie ... |
| TOMMY: | So Richie het allie tyd só ... gevoel oor haar, nè? Well, I never ... |
| CYRIL: | Smaak jy vir speel? |
| TOMMY: | Nei, man, anner keer ... |
| CYRIL: | Maar ek het dan gedink sy gaat oversea ... |
| TOMMY: | Ek oek ... Anyway ... Maar 'is seker nie onse biesagheit nie ... |
| CYRIL: | (*lag)*: 'Is soes jy sê, ou Tommy ... So ... hulle siet mekaar weer, Blanchie, en Map Jacobs die bastard! |
| | *Die lig verander. Doof uit.*<br>*Doof in: Blancie en Map. Blanchie totaal verward en huilend. Op 'n afstand van mekaar.* |
| BLANCHIE: | *(bewend)*: Dis ... Johnnie ...dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! (*Sy skreeu.)* |
| MAP: | *(staar)*: Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Johnnie! Dis Daddy!! |
| MAP: | *(probeer haar kalmeer):* Hê, Blanchie ... Lyster nou eers ... Blanchie ... |
| BLANCHIE: | *(snik, praat dan)*: Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ... Toe ... loop hy net ... weg ... net ... loop hy net ... |

15.5 Van wie praat Tommy in reëls 1 en 2? (1)

15.6 Herlees die kursiefgedrukte woorde in reëls 13 tot 14.

15.6.1 Wat noem ŉ mens die woorde in ŉ drama? (1)

15.6.2 Gee TWEE funksies van dié kursiefgedrukte woorde. (2)

15.7 Herlees reël 23.

Op watter manier sluit hierdie reël by die tema van die drama aan en wat gaan die gevolg vir Blanchie wees? (2)

15.8 Wat is ironies aan Tommy se woorde in reël 24? (1)

15.9 Herlees reël 30.

15.9.1 Blanchie is duidelik ontsteld. Watter innerlike konflik beleef sy? (1)

15.9.2 Word die konflik opgelos? Motiveer jou antwoord. (1)

15.10 Waarom noem Blanchie vir Map Johnnie? (1)

15.11 Herlees reëls 12 en 13 van TEKS I asook reël 9 in TEKS J.

15.11.1 Hoe verskil Cyril se nuus in die twee tekste? (1)

15.11.2 Het Cyril se voorspelling in TEKS I toe waar geword? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

15.12 Dink jy die variëteit van Afrikaans waarin hierdie drama geskryf is, is gepas en is die drama nog relevant vir vandag? Motiveer beide jou antwoorde. (2)

**[25]**

## VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

Konstabel se koms beïnvloed Meisie en Gertie se strewe na vryheid.

Skryf ŉ opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

## VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

### TEKS K

| | |
|---|---|
| MIEM: | Hoe afskuwelik! |
| GERTIE: | *(druk haar hand voor haar oë en sidder)*: Ek sal dit nooit vergeet nie. |
| MIEM: | Armsalige ellendelinge. *(Aan MEISIE)* Ek hoop jy onthou dit ook. So mooi en welgeskape maar altyd met ŉ lang gesig. |
| MEISIE: | Ma! |
| | *Die huilwind vervaag en verdwyn.* |
| MIEM: | Nou toe nou. Dit is genoeg. *(Skielike opgewonde)* Weet jy, Gertie ... dit laat my mos dink. Die sirkusgedoente was die vorige kere ook hier. Op dieselfde aand! Wie weet, miskien is hy een van hulle! |
| GERTIE: | Ag nee, Miem, dink jy so? |
| MIEM: | As ek maar net vroeër daaraan gedink het, het ek vir die sersant gesê. |
| GERTIE: | Ek is seker dit sal hom byval, Miem. Die sersant is ŉ verstandige man. |
| MIEM: | Ja, hy is. Hy het na ons geluister. |
| GERTIE: | Hy het ander polisie en honde laat kom. Om die dorp en die distrik te patrolleer. |
| MIEM: | Waar hoor jy dit? |
| GERTIE: | Vanmiddag was die dorp daarvan vol. En op pad het ek hulle gesien. Polisiemanne met groot honde aan kettings. |
| MIEM: | Watter blye tyding! |
| MEISIE: | Eina! *(Sy suig haar vinger)* |
| GERTIE: | Aag tog, het jy jou raakgesteek? |
| MIEM: | Wil mos nie ŉ vingerhoed dra nie!<br>*Tydens die volgende twee spreekbeurte sak die mandjie met die tou vinnig na onder.* |
| MIEM: | Mandjie, Meisie! |

| | |
|---|---|
| GERTIE: | Jy is 'n flukse meisie om jou moeder te help. |
| | *MEISIE staan op en knoop die mandjie vinnig los.* |
| MIEM: | Dit is waar. Ek weet nie wat ek sonder haar sou doen nie. Gee hier.<br>*MEISIE gee vir haar die mandjie.* |
| MIEM: | *(kyk na die bord in die mandjie. Vies.)* Hou mos nie van kop en pootjies nie. Gaan skraap dan maar die bord uit, my kind. |

17.1 In watter jaar speel hierdie drama af? (1)

17.2 Na wie verwys Miem in die onderstreepte woorde in reël 4 en hoe dink jy sluit dit by die tema van die drama aan? (2)

17.3 Wat sal Gertie nooit in reël 2 vergeet nie? (1)

17.4 Herlees reël 7.

Wat is die funksie van die wind se gehuil in die drama en wat suggereer dit? (2)

17.5 Verwys na reël 10.

17.5.1 Van watter spesifieke aand praat Miem hier? (1)

17.5.2 Dink jy Miem en Gertie is doodbang vir hierdie spesifieke aand? Motiveer jou antwoord. (2)

17.6 Waarom is Miem se reaksie in reël 23 ironies? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

17.7 Herlees reël 24 tot 26.

17.7.1 Met watter sprokieskarakter word Meisie mee geassosieer en identifiseer TWEE ooreenkomste tussen die twee karakters? (3)

17.7.2 Meisie steek haarself drie keer raak met die naald. Wat word met hierdie aksie versterk? (1)

17.8 Herlees reëls 27 en 28.

Wie laat sak die mandjie van die solder af en hoekom is die persoon daar? (2)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | En daar staan sy in haar onderklere. Onderklere van kant en sy.<br>*GERTIE kyk in ekstase na haarself in die denkbeeldige spieël.* |
| KONSTABEL: | Sy kyk weer na haarself. Sy streel haar palms stadig langs haar sye af.<br>*GERTIE streel haar palms langs haar sye af. Sy sug van plesier.* |
| KONSTABEL: | Sy word twee mense. Sy begeer. En sy word begeer.<br>*GERTIE kyk byna in 'n beswyming na haar 'beeld' in die 'spieël'. Skielik gaan 'n deur oop. Die geluid van die wind hou op. Daar is voetstappe in die gang. GERTIE lyk verward, asof sy skielik wakker skrik. Sy gryp haar bloes en haarnaalde van die tafel af en verdwyn vinnig deur die agterdeur. Die agterdeur klap hard agter haar toe. Na 'n oomblik verskyn MIEM in die deur. Oor haar arm is 'n pienk kombers.* |
| MIEM: | En wie is so skielik hier uit? |
| KONSTABEL: | Dit is juffrou Gertie. |
| MIEM: | *(snork)* Dit is seker weer die vars lug en die oefening. Dit is regtig onverstandig van haar. Op so 'n aand. Ek is darem seker Wagter sal 'n ogie oor haar hou. Ek het net die kombers gebring. As u so 'n bietjie wil skuins lê op die bank. Nou ja, goeienag, Konstabel. En weer eens dankie.<br>*MIEM huil skielik en sak op 'n stoel by die tafel neer.* |
| KONSTABEL: | Wat makeer, Mevrou? |
| MIEM: | Dit is so lank laas ... lank laas ... dat 'n man vir my goeienag gesê het. *(Huil)* As ek hom net kon sien! Net een keer. Voor die dood ons skei. *(Kyk boontoe, sug sidderend)* Sewe jaar! Ek kan dit skaars glo. So gaan die tyd verby. *(Vee haar oë af).* |

17.9 Herlees reël 1.

17.9.1 Na wie verwys Konstabel in hierdie reël? (1)

17.9.2 Wat sal die rede wees vir Gertie se reaksie op Konstabel se vertelling? Dink jy Miem sou ook so 'n reaksie gehad het, indien sy alleen met Konstabel was en nie Gertie nie? (2)

17.10 Wat noem ons die kursiefgedrukte woorde in reëls 5 en 21? Wat is die funksies van hierdie onderskeie kursiefgedrukte woorde? (3)

Kopiereg voorbehou 

17.11 Herlees die onderstreepte sin in reël 26 van TEKS K asook die onderstreepte sin in reël 5 van TEKS L.

17.11.1 Is daar in dié twee tekste 'n ooreenkoms in Meisie en Gertie se reaksie? Motiveer jou antwoord. (1)

17.11.2 Dink jy Gertie se innerlike konflik word aan die einde van die drama opgelos? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2023**

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**
**NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 38 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae en die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae*:*
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/ vakhoof. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JAN/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**"Elegie vir my toekomstige vrou" André Letoit**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- In gedig word daar ŉ **speelse manier** na die huwelik as instelling gekyk.
- Titel: Dit het ŉ **ironiese kontras**, want ŉ elegie is ŉ treursang en gewoonlik skryf ŉ verliefde ŉ lofsang vir sy toekomstige vrou. Hier **treur** die ek – spreker oor ŉ vrou wat hy in die toekoms gaan verloor. Gewoonlik sal ŉ spreker opgewonde wees of self bly oor die feit dat hy ŉ vrou gaan kry.
- Hierdie gedig **spot** oor die <u>ontnugtering wat na ŉ huwelik volg</u>.

  In die eerste strofe is die *ek* en die *jy* sentraal en herleef die spreker hulle ontmoeting. Maar hy kan nie regtig onthou waar hy haar ontmoet het nie en noem ŉ paar alternatiewe. Hierdie is **ironies** en **spot** met verliefdes wat so baie waarde aan ontmoetingsplekke heg.

  In die tweede strofe ontbloot die man sy karakter en dat hy ŉ voorliefde vir hippiekolonies gehad het. Hy word dus nie uitgebeeld as goeie troumateriaal nie. Hierdie verwysing **spot** met ouers wat goeie mans vir hulle dogters wil hê.

  In die derde strofe kom die ontmoeting met haar ouers onder skoot en word hy summier uit die huis gejaag. Sy lang hare en baard maak hom ongewens en dui op die samelewing se **vooroordeel** en **beheptheid** met voorkoms.

  Op sy huweliksdag daag slegs die dominee en ŉ paar assuransieagente op wat vir finansiële gewin daar is. Die spreker distansieer hom van sy pa en sy vrou en gee hier ŉ satiriese stekie na gebroke gesinne in die samelewing.

  In die slotstrofe **bevraagteken** hy die getroude lewe omdat die romantiek gou verdwyn soos byvoorbeeld die skreeuende babas word saam met kombuiskase wat piep genoem en dit is deel van daaglikse huishoudelike irritasies.

- Die jongman kom tot die slotsom dat die huwelik ŉ duur prys is om te betaal vir ŉ lewe vol *platoniese dogmatiek*.
- Die spreker is ontnugter en glo dat die huwelik slegs met treursang besing kan word. Hierdie idee van trou, andersins iets positief en waarna uitgesien word, is vir die spreker ŉ negatiewe idee en dit is asof hy deur al positiewe oppervlakkige dele kan sien.

Kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Maaltyd" – P.J. Philander**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | metafoor √<br><br>Die ou moeder se netjiese voorkoms lyk net soos die tafelklokkie wat in die vorm van 'n netjies geklede dame is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 2.2 | Reël 4 verwys na die maaltye in die dag naamlik ontbyt, middagete en dan sou 'n mens die woord saans verwag, die woorde vir nou staan in die plek van saans/aandete. √<br><br>"skerp lig van die lamp" √ | 1<br><br>1 |
| 2.3 | enjambement √ | 1 |
| 2.4 | blou bord / servet / bril / Bybel / portret √√<br><br>Die tema van die gedig is objekte wat ons aan ons moeder herinner, net so herinner hierdie items die spreker aan sy moeder. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br>1 |
| 2.5 | Die strofebou en rymskema is geslaagd, want dit sluit aan by die gestruktureerdheid / presiesheid van die moeder. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.6 | nostalgies, emosioneel, mymerend, verlangend. √ | 1 |
| | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### Suiwer wiskunde – N.P. van Wyk Louw

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 3.1 | ʼn Stelling word gemaak oor wat sal gebeur as tyd tot stilstand kom. √<br><br>Dit is die kortste sin in die gedig./ Dit staan aan die begin van die gedig. √ | | 1<br><br>1 |
| 3.2 | "wat nooit bevrug" √ | | 1 |
| 3.3 | Herhaling. √ | | 1 |
| 3.4 | 3.4.1 | aa – assonansie / assonansie √<br><br>Die assonansie verstadig die tempo wat by die gedagte van stol aansluit. √ | 1<br><br>1 |
| | 3.4.2 | Vergelyking √ | 1 |
| 3.5 | Die gebruik van die kommas. √<br>Die gebruik van die woord "wou". √ | | 1<br>1 |
| 3.6 | Die digter het ʼn gedig oor digkuns geskryf./<br>Die digter beeld uit hoe die woord alles kan laat stol/verstar in ʼn gedig. √ | | 1 |
| | | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

**dienaar van die nagereg – Patrick Petersen**

| Vraag | | Antwoord | Punt |
|---|---|---|---|
| 4.1 | tjoklit / humbugs √ | | 1 |
| 4.2 | enjambement / omgekeerde woordorde(inversie) / alleenplasing.√ | | 1 |
| 4.3 | 4.3.1 | Konnotatief: Sy pa se beroep as ŉ polisieman./ Hy is die toepasser van die wette./ √<br>Denotatief: Hy staan met sy kakiejas besig om die wet toe te pas. √<br><br>*Die kandidaat bied soortgelyke antwoord vir TWEE punte aan.* | 1<br><br>1 |
| | 4.3.2 | sinestesie √ | 1 |
| 4.4 | Vergelyking. √<br><br>Die wasem uit die pa se mond word met spookasem vergelyk, want die wasem is ŉ teken van die koue wat die pa ervaar. Die wasem lyk net soos die spookasem (dun, buigsame draadjies van suiker in ŉ wolk gedraai). √ | | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Die spreker se pa doen die administrasie vir die wit mag, dus werk hy vir die onderdrukker van sy eie mense./<br>Sy pa doen die administrasie, wat heel moontlik papierwerk is oor wie gearresteer is (van sy eie mense)./<br>Gewoonlik is dit iets om trots op te wees (die feit dat die pa so hard en ywerig werk), maar hy werk vir die onderdrukker en dus is dit nie iets om oor trots op te wees nie./<br>Al werk hy hard en doen al die administrasie, maak dit nie beter – die feit dat die pa en sy mense deur dieselfde administrasie onderdruk word nie. √<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 4.6 | Die **boodskap** is dat ŉ mens die werk wat jou ouers doen, kan verafsku, terwyl jy hulle nog steeds liefhet. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 4.7 | Ja, dit is gepas, want dit beteken mag. Dit is ŉ woord wat baie gebruik is om verset teen die apartheid van die verlede uit te druk. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| | | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

**Kompos bevorder groei – Johannes DeSilento**

| Vraag | | Antwoord | Punt |
|---|---|---|---|
| 5.1 | | kwatryn/e √ | 1 |
| 5.2 | | w-alliterasie/alliterasie √<br><br>Dit beklemtoon hoe die wurms wikkel, wriemel en krioel terwyl hulle die plantmateriaal afbreek. √ | 1<br><br>1 |
| 5.3 | 5.3.1 | Regressie<br>Die wurms “verwoes” of breek die plantmateriaal tot en met kompos af. √<br>**OF**<br>Progressie<br>Hoe meer die wurms plantmateriaal verwoes, hoe meer raak die die kompos, die “oes”. √<br><br>*Die verduideliking moet by die gekose stylfiguur pas.* | 1 |
| | 5.3.2 | Ja.<br>Dit is ’n paradoks hoe daar rykdom of iets waardevols uit vrot plantmateriaal kan kom. / Kompos is egter goudwerd in die tuin, al is dit net vrot plantmateriaal. √ | 1 |
| 5.4 | | paarrym √ | 1 |
| 5.5 | 5.5.1 | Ja, die woord word met ’n uitroepteken geskryf. / Kompos is met ’n hoofletter geskryf, asof die spreker dit aanspreek. √<br><br>*Die kandidaat kan nie ’n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | 5.5.2 | Dit is soms nodig om eers af te breek (dit wat verkeerd is) en dan kan jy weer opbou. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Dit word uitgehef deur middel van deur die gebruik van ’n koppelteken / laaste versreël. √ | 1<br><br>1 |
| 5.6 | | Ja.<br>Goed kan kom uit sleg. / Soms moet jy deur ’n harde tyd gaan, om as goud ander kant uit te kom.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>’n Mens groei nie net as gevolg van swaarkry en seerkry nie. In sommige gevalle is die “afbreek” so erg, dat niks goeds daaruit kan kom nie. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| • Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan. | | |
| | | |
| **Protesteer teen sy pa** | | |
| Greg kom in verset teen sy pa se voorgestelde akademiese inrigting. | Hy wil hê Greg moet UCT toe gaan, waar hy studeer het. | Greg wil Potch toe gaan. |
| Hy ignoreer sy pa se motto, “if you think you are a leader, but nobody is following you, you are merely going for a walk”. | Hy stel juis nie die voorbeeld nie. | Hy drink bier saam met Eckardt / en dan noem iemand hom na die rugby ook nog ŉ ‘loser’ / kom nie sy plig as hoofseun na nie – Kwanele belê ŉ VRL-vergadering. |
| Hy skeep sy leerwerk af, al plaas sy pa druk op hom en verwag 9 onderskeidings. | Hy werk tot lank na ligte uit aan die *hacking challenges*. | Gevolglik kry hy 38% vir sy Wiskundetoets. |
| Sy pa het hom verbied om oor John te huil en het lg. as 'n swakkeling gesien. | Hy weier dat Eckardt se verdwyning geïgnoreer word. | Hy konfronteer Dok Pienaar/ weier om rugby te speel en maak dit aan die pers bekend/ |
| Hy praat terug as sy pa hom konfronteer. | Sy pa sê: "Ek is teleurgesteld in jou, Greg." | Sy antwoord was: "Dan is ek ten minste nie die eerste kind wat jou teleurstel nie, Pa!" |
| **Verset teen skool** | | |
| Hy breek doelbewus skoolreëls. | Hy speel net die rol as die voorbeeldige skouperd. | Hy bank klas / drink bier / breek in by die netwerk-kamer. |
| Hy daag Dok Pienaar se gesag uit. | Hy eis dat daar na Eckardt gesoek word. | Hy onttrek hom van die eerstespan rugbywedstryd. |
| Hy ignoreer Dok Pienaar se waarskuwing om nie sy nuwe kans op te mors nie. | Hy oortree weer. | Hy gaan nie terug klas toe nie, maar gaan haal sy rekenaar om in die netwerk-kamer in te kom. |
| Greg ervaar die skool met sy reëls as beklemmend. Hy voel vasgevang. | Hy wys vir Eckardt die heinings. | Hy sien dit as ŉ soort tronk. |

| | | |
|---|---|---|
| Greg onderwerp hom nie aan sosiale konvensies nie. | Sy optrede dui daarop dat hy dit minag. | Hy lieg vir die polisie oor Eckardt se bynaam / wys vir ŉ ou tannie middelvinger, wanneer sy kla oor sy en Nicole se gesoenery in die openbaar / hy het al *e* gebruik. |
| Hy verag die snobisme van privaatskole. | Hy verwys sarkasties daarna as "Heilige Grond". | Hy sien neer op ouers se beheptheid met prestasies: Top skool in die land, rugby, akademie / toekomstige sakeleiers word daar gekweek. |
| Greg verwys neerhalend na Lawson as die rykmanskool. | Dit getuig van geld, maak nie saak hoe dit gekry is nie. | Daar is ŉ hysbak in die koshuis / perde en perdestalle (Luuks). Hy is egter skynheilig, want hy trek al die pad voordeel daaruit. Ook uit die vakansie te Jeffreys. |
| Dok Pienaar en sy pa laat geld hulle lewens oorneem. | Sy aanvoeling oor die hoof is in die kol. | Versprei ŉ virus waarvoor hulle farmaseutiese maatskappy die entstof sal verkoop t.w.v. finansiële gewin, al is hulle reeds ryk. |
| Geld is die wortel van die kwaad | Mense word omgekoop vir gunste | Die regter tydens die Owen-Pienaar hofsaak is omgekoop / kry welvaart met oneerlike verkoop van aandele / ouers "koop" hulle kinders se plekke in Lawson. |

- Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan.

**[25]**

## VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Die gesprek vind plaas in Eckardt se koshuiskamer. √ | | 1 |
| 7.2 | Hy drink bier saam met Eckardt in sy kamer. / hy rapporteer nie die bier in Eckardt se yskas nie. /<br>Hy breek by die netwerkkamer in./<br>Hy kom nie sy hoofseunpligte na nie. /<br>Hy weier om rugby te speel. /<br>Hy bevraagteken die hoof se besluit om nie na Eckardt te soek nie. /<br>Hy steur hom nie aan die ligte-uit reël nie. /<br>Greg kontak die media ten spyte daarvan dat die hoof enige kontak met die media verbied. /<br>Greg begin om te 'hack', alhoewel hy weet dit is teen die wet. /<br>Greg pas sosiale engineering toe op Dok se sekretaresse. /<br>Greg sit 'n keylogger op Dok se rekenaar. /<br>Greg jok vir sy pa/<br>Greg jok vir die polisie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 3 |
| 7.3 | 7.3.1 | Dit sluit aan by die onderwêreld van kuberkrakery. √ | 1 |
| | 7.3.2 | (White hat:)<br>Hy verander nie sy punte toe hy die geleentheid gehad het nie. √<br><br>(Black hat:)<br>Hy krap saam met Eckardt op die skool se rekenaarnetwerk. / Hy laai 'n RAT op Dok Pienaar se rekenaar. / kry inligting van Dok Pienaar se rekenaar. / ontsyfer geheime kodes op Dok Pienaar se rekenaar sodat hy die uitklophou kan gee. / hy die skurke kan ontmasker. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord by elke aspek vir EEN punt aan.*<br>*Die dele tussen hakies verdien nie punte nie.* | 1<br><br>1 |
| | 7.3.3 | Jy verwag dat Eckardt net glimlag en stilbly omdat hy saam met Greg opgewonde is oor die 'hacking', **maar** hy glimlag omdat hy weet hy het Greg oorreed om te 'hack'./<br>Jy verwag dat Eckardt glimlag en knik net sy kop omdat hy saamstem met Greg, **maar** hy antwoord nie omrede hy self 'n krimineel is./<br>Jy verwag dat Eckardt net sy kop skud en glimlag omdat hy bly is Greg verstaan nou, **maar** hy weet dat 'n 'black hat' en 'white hat' in die oë van die wet altwee kriminele is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.4 | Eerste persoonsverteller/ek-verteller √<br><br>Ja.<br>Die leser kan nou eerstehands Greg se opgewondenheid oor die moontlikheid van hacking ervaar./<br>Die leser weet presies dat Greg positief en nie negatief is nie, oor die moontlikheid van hacking. √<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Dit maak dat die leser nie regtig weet wat in Eckardt se kop aangaan nie / Die leser weet nie of Eckardt positief of negatief is nie. / Die leser kan nie agterkom of Eckardt voel sy plan werk of nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.5 | Greg het saam met sy broer en hulle voorliefde vir adrenalien-sport laas so 'n opgewondenheid ervaar. √<br><br>**EN**<br><br>Eckardt het geweet dat Greg en sy broer altwee van adrenalien sportsoorte hou en het dus geweet dat Greg die versoeking om te hack nie sal kan weerstaan nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.6 | Skelm/agteraf/boos √ | | 1 |
| 7.7 | Greg wou al die inligting oor Dok en sy maatskappy vir Sersant Botha gee./ Greg wou vir Sersant Botha vertel van Dok se maatskappy en dat hulle 'n dodelike virus vervaardig het en dat hulle maatskappy die enigste teenmiddel het./Greg wou vir Sersant Botha van die dodelike virus en die vaksine vertel het. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | | 1 |
| 7.8 | 7.8.1 | Greg besef dat hy self die slagoffer van 'sosiale engineering' was./<br>Greg is toe nie so in beheer nie; hy was self 'n slagoffer./<br>Greg besef dat hy nie sy vriende werklik ken nie en dalk ook nie kan vertrou nie. √<br>Retoriese vrae √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br>1<br>1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 7.8.2 | Nee.<br>In Clarens is daar uiterlike konflik tussen Greg en Eckardt, nadat Greg uitvind dat Eckardt hom net gebruik het./ Daar is uiterlike konflik tussen Greg en sy pa oor wat werklik gebeur het met Eckardt se pa. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as 'n antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 7.9 | Een van die leerders in Lawson kollege het Greg dit genoem nadat hy teen Dok Pienaar opgestaan het en geweier het om rugby te speel. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Benaming / benoeming √ | | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.10 | Eckhardt √ | | 1 |
| 7.11 | Retoriese vrae. √<br>Gebruik van korter sinne. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 1<br>1 |
| 7.12 | 7.12.1 | Ja.<br>Greg het van 'n selfversekerde tiener, met geen insig in sy eie tekortkominge, na 'n tiener wat besef hy maak foute en is nie 'bulletproof' nie verander.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | 7.12.2 | **Eckardt** was van die begin af die aanvaller en nie die slagoffer nie. Alhoewel die leser saam met Greg Eckardt se ware karakter aan die einde van die roman ontdek, was sy karakter nog steeds dieselfde. Hy het dit net goed weggesteek. √<br><br>Dok Pienaar het geen berou aan die einde van die roman nie; inteendeel hy is kwaad vir Greg wat alles oopgevlek het. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN HORINGS*** **– PIETER PIETERSE**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Baas is aanvanklik baie hardkoppig en trots** en betaal vooruit vir die konsessie vir Manaka en maak dan reg vir die Zambezi-tog.
- **Hy raak gou "baie kwaai" as mense hom probeer help** soos toe Grace hom tydens sy malaria – siekte bygestaan het.
- **Die inwoners is skrikkerig vir Baas,** want niemand is bereid om na sy huis toe te gaan nie.
- **Hoewel Baas baie goeie bedoelings gehad het,** is dit sy "goeie bedoelings" wat sy "ondergang" geword het.
- **Hy wil nie deur die plaaslike inwoners as Christen bestempel word nie** en maak daarom beswaar as ouma Essie na hom as een verwys.
- **Hy raak na sy siekte baie kwaad,** want hoewel hy niks meer het om te gee nie, kom soek almal medisyne by hom.
- **Baas maak dit baie duidelik dat hy nie verantwoordelik is vir almal se skete en kwale nie** omdat hy ook ŉ lewe het en net na homself wil omsien.
- **Baas gee nie met ŉ oop hart nie** en is baie bewus dat die geld wat hy vir Grace gee vir nog pille wat die laaste van sy fondse is.
- **Baas bly deurentyd hardkoppig** en weier om te gaan toe die stam-polisieman opdaag om hom na die khuta te ontbied.
- **Hy is kortaf en ongeskik** wanneer hy nie in Grace se uiteensetting van haar familie belangstel nie.
- **Hy het nie respek vir ander se menings nie,** want hy jaag Grace weg as sy met hom wil redeneer.
- **Hy betoon ook nie dankbaarheid teenoor ander nie**, en jaag meneer Johnnie weg wanneer hy met die werk in die kamp kom help.
- **Baas wil nie hoor dat hy Manaka toe "gestuur" is nie**, want hy meen hy is daar "op sy eie" en hy sal sy eie probleme oplos.
- **Baas verkies om nie te reageer nie** wanneer hy niks het om te sê nadat die khuta hom beskuldig nie.
- **Dit is vir Baas duidelik dat hy nie vir die plaaslike inwoners saak maak** nie en staan daarom tydens die vergadering met die khuta op en stap weg.
- **Baas wil niemand help nie** en vererg hom wanneer die khuta van hom verwag om sy voertuig in hulle belang te gebruik.
- **Baas wil nie verhoudings met mense aanknoop nie,** want hy wil nie sendelinge op sy erf hê nie. / Hy sê vir Nanna hy kom goed klaar sonder geselskap.

- **Alhoewel Baas die ou vrou se begrafnis bywoon,** staan hy eenkant.
- **Baas worstel met sy eie innerlike konflik,** want hy wil niemand versorg nie, want dit sal beteken dat hy vir ander mense op Manaka omgee.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | | Antwoord | Punt |
|---|---|---|---|
| 9.1 | | | |
| | 9.1.1 | Derdepersoonsverteller √<br><br>Die verteller skets vir die leser die ruimte/geografiese agtergrond. √ | 1<br><br>1 |
| | 9.1.2 | Die beskrywing van die karakter se ervaring is objektief./<br>Die verteller is altyd teenwoordig./<br>Die verteller weet wat die karakter dink/doen. √ | 1 |
| 9.2 | Hy moes vir die staatsmuseum skoenlappers in Afrika gaan vang. √<br><br>Kanada | | 1<br><br>1 |
| 9.3 | Dit was in die tyd wat die roman afspeel die gepaste aanspreekvorm vir ’n persoon in gesag. / Seuns en kleinseuns dra volgens tradisie hul oupa se noemnaam. √ | | 1 |
| 9.4 | Die worsboom bied aan die gemeenskap ’n byeenkomplek./ Daar is Sondae onder die boom kerk gehou./ √<br>Die worsboom raak die sentrale plek waar leer kon plaasvind./ Die kinders het onder die boom gesit vir skool. | | 1<br><br>1 |
| 9.5 | 9.5.1 | Ja.<br>Hy het ’n sendingstasie opgerig.<br>Hy het die rivier gekarteer.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Daar is geen werklike uitbreiding nie. √<br>Malaria is steeds ’n werklikheid. √ | 1<br><br>1 |
| | 9.5.2 | Baas wil ’n boot op die Zambezi hê waarmee hy toeriste aan Afrika kan blootstel. √<br><br>Nee.<br>Hy het wel die boot gebou, maar die rivier het hom weggespoel. √<br><br>**OF**<br><br>Ja.<br>Die suggestie bestaan dat met die kry van die boot en Grace wat saamstap, voorspoed wag. | 1<br><br>1 |
| 9.6 | Sy is ’n Christen. √<br><br>Sy wil Baas laat verstaan dat hy met ’n spesifieke doel na Manaka gestuur is om hul te help./ Sy is die stem van geregtigheid wat Baas wil aanmoedig om sy Christenskap te aanvaar en uit te leef. √ | | 1<br><br>1 |
| 9.7 | Ouma Essie kom vra Baas se hulp om die pale aan te ry. √ | | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.8 | 9.8.1 | Die bosoorlog in Suid-Rhodesië/<br>Die verloor van die plaas./<br>Ouma Essie en Grace wat sê hy is ŉ Christen. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | 9.8.2 | Baas kon nie vrede vind nadat sy ouers deur rebelle vermoor is nie. √ | 1 |
| 9.9 | Baas ontken die heeltyd dat hy ŉ Christen is, maar sy optrede getuig van Christenskap. √<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie aan vir EEN punt.* | | 1 |
| 9.10 | Toe Baas na sy ouers se dood terugkeer plaas toe, is hy alleen met net sy hond./<br>Van kleins af is hy voor die ander uit wanneer hulle gaan jag het./<br>Hy raak gou verveeld met sy werk by die saagmeule en gaan jag eerder alleen met sy hond./<br>Sy denke is 'noordwaarts' gerig en nie 'suidwaarts' na die 'beskawing' toe nie./<br>Hy koop 'n motorboot en sleepwa en reis alleen verder met sy twee honde./<br>Hy het sy idee van wat toeriste in Afrika behoort te beleef; nie in hotelle nie, maar afgesonder in hutte tussen die plaaslike inwoners. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE bewyse uit die roman vir EEN punt elk aan.* | | 3 |
| 9.11 | Sy oupa tree mensliewend op en wil sy Christenskap met die inwoners deel, terwyl Baas hier nie mensliewend optree nie en veg teen die feit dat hy ŉ Christen is. √ | | 1 |
| 9.12 | Die mens staan in ŉ belangrike en verantwoordbare verhouding tot die natuur/ tot mekaar / die aard van ware geloof. √<br><br>Ons moet mense volgens hul dade, en nie volgens woorde / velkleur / agtergrond oordeel. √ | | 1<br><br>1 |
| | | | **[25]** |

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Tant Wonnie bly in Vatmaar net na die Anglo-Boereoorlog gedurende ŉ tyd wat gekenmerk word deur armoede/werkloosheid/swaarkry. Tant Wonnie kry gevolglik baie swaar en moet daagliks hard werk bloot om te kan oorleef.**/Bv. bl.111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.*
- **Tant Wonnie leef teen die agtergrond van die Anglo-Boeroorlog; sy is alleenouer na Heinrich se dood in die oorlog.**/Bv. bl.111: *... wat Tant Wonnie se man geplant het die dag voor hy weg is oorlog toe ...*/Bl. 179: *Ja Mineer, ag, en Heinrich het gesê as hy terugkom van die oorlog af, sal ons met ŉ ring trou. Maar my Heinrich het nooit van die oorlog teruggekom nie.*
- **Vatmaar is ŉ nedersetting waar uitgewekenes wat nêrens elders welkom is nie, woon Tant Wonnie se Duister-Baster afkoms maak haar onaanvaarbaar in die wit gemeenskap./ In die Vatmaar – gemeenskap beleef sy eweneens baie jaloesie en haat.**/ Bv. bl. 125: *Een koue wintersoggend het Tant Wonnie wasgoed vir ŉ swart Bruinvrou gewas – die soort wat wit bruinmense haat.*/Bl.112: *Uit jaloesie is daar slegte dinge oor Tant Wonnie gesê.*
- **Die Vatmaar-gemeenskap word deur vooroordeel gekenmerk – iets wat Tant Wonnie ook ervaar: die haat van swartmense (bv. Settie September) veroorsaak dat sy vals beskuldig word./gehaat word./ná die vals beskuldigings oor die sg. diefstal word sy (onskuldig) gebrandmerk deur Vatmaar se mense sodat sy van hulle vervreemd raak.** Bv. bl.125: *... dié soort wat wit bruinmense haat./Bl. 127: Sy's ŉ dief! Sy's ŉ dief! Tant Wonnie het haar kop gelig en na hulle gekyk want hulle het haar nie bang gemaak nie./* Bl.125: *Mev. September stamp haar weer in die modder en hou aan skree: Djy's ŉ dief, jou wit baster!/*Bl. 126:*Settie, het hulle gesê om haar te troos, om te dink ons het haar altyd gevetrou./*Bl. 229: *Djy wiet, ek sê gehelle sy is dangerous en sy het baie sterk toormedisyne.*

- **Tant Wonnie, net soos die mense in Vatmaar, is arm/het min besittings/leef onder die broodlyn/moet baie hard werk om te kan oorleef. Tant Qonnie het op genade in 'n buitekamer gebly./op die grond geslaap./Die gevolg van hierdie armoede was dat Tant Wonnie op verskillende plekke en vir verskillende mense gewerk het in die hoop dat hulle haar iets sou gee om van te leef./**Bv. bl.111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel./*Bl. 112: *Sonder om te dink wat môre sal bring, het hulle wakker gelê op hulle grondbed, sonder begeertes en sonder hoop, so gelukkig en tevrede ...*/Bl. 112: *Tant Wonnie was die wasvrou en veral mense met 'n donker velkleur het daarvan gehou dat sy vir hulle werk. Dit was die meeste van die tyd in ruil vir iets om te eet en Tant Wonnie het met trots gesê: Ons het nog nooit honger gaan slaap nie.*
- **In Vatmaar beleef Tant Wonnie rassisme, want sy is te donker om in 'n wit gemeenskap tuis te voel, maar vir die Vatmaar-gemeenskap is sy te lig: Settie September beskuldig haar vals omdat sy haar haat; sy moet geboei voor die perd uitloop toe sy polisiestasie toe geneem word.**/Bv. bl. 125: *Mev. September stamp haar weer in die modder en hou aan skree: Djy's 'n dief, jou wit baster!*
- **Tant Wonnie ervaar op Vatmaar ook magsmisbruik: Piet de Bruin probeer om haar te verkrag wat vir haar traumaties is./haar opnuut haar liefde vir Heinrich laat ontdek het.**/Bv. Bl. 134: *Daardie Saterdag het ek byna vir hom ingegee, het Tant Wonnie nou sit en dink. Maar danksy my geliefde Heinrich, wat vir my nog lewendag was al het hy nie meer geleef nie, kon ek my teensit.*
- **Die magsmisbruik wat daardie tyd kenmerk, bring vir Tant Wonnie baie leed wanneer haar dogtertjie Kaatjie sterf as gevolg van die baba/tronkstaf/gebrek aan mediese versorging./sy verloor haar kind as gevolg van Mevrou Bosman se verkeerde vermoede dat haar man verantwoordelik is vir Kaaitjie se swangerskap omdat dit uitloop op tronkstraf en haar (Kaatjie se) dood.** Bl. 268: *Toe haar kind die laaste swakke asem, uitblaas, het sy buite teen die ou doringboom gaan staan. Haar oë was oop, maar sy het niks gesien nie ...*
- **Tant Wonnie se lewe op Vatmaar na Heinrich se dood is gekenmerk deur armoede en swaarkry omdat sy nie wettig met hom getroud is nie en dus nie geregtig is op sy oorlogspensioen nie. Dit dompel haar in armoede./ veroorsaak dat sy daagliks baie hard moet werk om te kan oorleef.**/Bl. 201: *Toe ek die telegram kry dat jou pa dood is, is ek na die army se pay- office toe ... Ek het gesê ek is nooit met die ring getroud nie ... Sorry I can't help you.*
- **Vatmaar se mense het in daardie tyd nie respek teenoor ander se besittings getoon nie, die naam "Vatmaar" dui aan dat jy mag vat wat jy nodig het. Tant Wonnie is baie sleg benadeel deur hierdie gewoonte /milieu; met haar terugkeer na haar huis ná Sannah Vosloo se dood tref sy haar huis in totale chaos aan, want al haar besittings is deur Vatmaar se mense uit haar huis gevat.**/Bv. bl.136: *Al die maande wat hulle weg was, was daar niemand om agter hulle buitekamer te kyk nie. ... Alles wat binne was, was geplunder.*

- **Die gebrek aan menseregte in die tyd toe Tant Wonnie in Vatmaar gewoon het, het haar sleg benadeel. Toe sy (vals) van diefstal beskuldig en geboei voor die perd uitgejaag word, is sy verneder wat daartoe gelei het dat sy haar onttrek aan God./ sê dat sy nie deel van húlle God wil wees nie./dat sy ’n nuwe insig in die liefde ontwikkel in die wete dat die liefde goed én sleg kan wees.**/Bv. bl. 130: *Ek wil nie deel wees van hulle se God nie.*
- **Die nydigheid/haat/vooroordeel wat Tant Wonnie se tyd in Vatmaar kenmerk, lei tot positiewe gevolge vir Tant Wonnie wanneer sy in Du Toitspan erkenning kry vir haar verbintenis met Heinrich: sy kry ná die vals beskuldiging haar maandelikse pensioen./**Bl. 180: *Oh yes, and report to me within seven days if she has been granted a war widow’s pension.*
- **Die regspraak in Du Toitspan is aan Tant Wonnie se kant, want sy ontvang vergoeding vir haar vernedering nadat sy in Vatmaar in hegtenis geneem is om soos ’n misdadiger in die hof te staan wanneer die magistraat haar onskuldig bevind./die hof gelas dat daar vir haar ’n rok en skoene gekoop moet word./sy ook finansieel vergoed word vir haar onkoste en ongerief./** Bl. 180: *You are free to go, Mrs. Müller ... Tant Wonnie se innerlike wese het verby haar uiterlike omstandighede gestraal en by almal respek afgedwing.*/Bl. 180: *Toe draai die magistraat hom na die aanklaer: See that this woman receives a new pair of shoes and dress. Also transport her back to ...*/Bl. 180: *Oh yes, and report to me within seven days if she has been granted a war widow’s pension.*/Bl. 181: *Veels geluk, het hul geglimlag, Mevrou Müller – en sy hand vir haar uitgehou.*
- **Die reg en geregtigheid/vryspraak/ erkenning van haar onskuld in Du Toitspan herstel Tant Wonnie se menswaardigheid in Vatmaar; die oorlogspensioen wat sy met behulp van die magistraat ontvang, maak haar vry: dit stel haar in staat om nie meer ander mense se wasgoed te doen nie./Susan is vry van die vernedering wanneer sy die Venters se bokke moes melk./**Bl. 194: Die Venters se lui seuns kan van nou af hulle se eie melkwerk doen.

Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTESKTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1.1 | Die verkoop van die diamante/verdeling van die geld. √ | 1 |
| 11.1.2 | Die diamanttransaksie word suksesvol afgehandel./<br>Elkeen ontvang tweehonderd pond/baie geld.<br>Hulle kom weg met die diefstal van die diamante. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.1.3 | Hulle het 'n huis op Vatmaar wat hulle nie op die delwery gehad het nie. √ | 1 |
| 11.2.1 | Tant Bet word as 'n gewone mens wat lelike goed doen (vat), maar ook positiewe eienskappe het, aan ons bekendgestel.<br>Tant Bet se behandeling deur haar werkgewers, word oortuigend aangebied./pas by die tyd waarin sy geleef het./Tant Bet se ondervinding op die diamantdelwery word lewensgetrou voorgestel./<br>Tant Bet ken die tradisies van haar mense bv. die begrafnis van Ta Vuurmaak./die maak van khadi wat gepas/oortuigend is. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.2.2 | Van Oubaas Swartz leer die leser net sy negatiewe eienskappe ken./<br>Dis onaanvaarbaar/onvanpas om jou werknemers so sleg te behandel soos hy dit doen. √ | 1 |
| 11.3 | Dit beklemtoon die ironie dat Jakob Kierie wat Lena, Janman, Bet en Flippus by die polisie gaan verdag maak het/ probeer in die moeilikheid kry het, toe self tronk toe is./<br>Dit hef uit dat Jakob Kierie vals is, want hy word aan dieselfde misdryf skuldig bevind./<br>Dit gee inligting oor 'n ander tyd en plek./<br>Dit dui aan dat daar by wit mense tog waardering vir hulle werkers is. √ | 1 |
| 11.4 | Oubaas Swartz het Flippus geslaan terwyl hy probeer weghardloop het om daarvan te ontkom. √<br><br>Oubaas Steenkamp het onwelvoeglike voorstelle aan Sus Bet gemaak waaraan sy nie wou toegee nie./ waarna sy weggeloop het. √ | 1<br><br>1 |
| 11.5 | Flippus / Janman √ | 1 |
| 11.6 | Nee.<br>Bet steel sonder dat mense dit agterkom. / haar as skelm aansien. / ervaar. √<br>Flippus steel twee diamante/geld terwyl die Oubaas onder die indruk is dat hy die eerlikheid self is. √ | 1<br>1 |
| 11.7 | Flippus is 'n Basoeto en Sus Bet 'n Griekwa-vrou./ Flippus is swart en Sus Bet ligter van kleur. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.8 | Alomteenwoordige verteller √<br><br>Die alomteenwoordige verteller weet hier presies wat Tant Wonnie dink terwyl hy/sy ook weet van Settie September se verbasing. / skuldgevoel. /<br>Die alomteenwoordige verteller kan ook verhaal wat deur Mineer Jones vir Settie September gesê is. /<br>Die alomteenwoordige verteller weet dat Stoffel Jones nie geweet het dat Tant Wonnie in die hof was nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.9 | Ja.<br><br>(Verbasing:)<br>Sy het gedink Tant Wonnie sit in die tronk. / is onder die indruk dat Tant Wonnie gestraf word vir haar sogenaamde diefstal (wat Settie versin het.)/<br>Die laaste wat sy van Tant Wonnie die nuwe klere / skoene by die tronk kon kry nie. √<br><br>(Kon haar nie in die oë kyk nie.)<br>Sy het geweet dat sy Tant Wonnie vals beskuldig het. / onnodig laat verneder het. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.*<br>*Die dele tussen hakies verdien nie punte nie; slegs die redes verdien punte.* | <br><br><br><br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 11.10.1 | Die tema van onskuldige lyding. √ | 1 |
| 11.10.2 | Kaaitjie word onskuldig verdink van 'n verhouding met haar werkgewer se man. √<br>Sy is onregverdig in die tronk gestop. / as gevolg van haglike (onregverdige) tronkomstandighede sterf Kaatjie met die geboorte van haar kind. √ | <br><br><br><br>2 |
| 11.11 | Sus Bet gee aan 'n vreemde oom 'n vyfpondnoot nadat hy werk by Stoffel Jones kom soek. / weggejaag is. √<br>Sy deel haar kennis van kruie. √<br><br>**EN**<br><br>Tant Wonnie betaal die Septembers se rygeleentheid./<br>Tant Wonnie laat almal wat wil, toe om water uit die put te skep./<br>Tant Wonnie deel haar medisyne/ wilde knoffel-in-kasterolie met ander sonder om betaling te verwag. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | <br><br>2<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| | | **[25]** |

## AFDELING B: ROMAN

## VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf ŉ gepaste inleiding.

- **Iris verwoord die sentrale tema as die mens se hunkering na die groot blomoomblik in sy/haar lewe.**/Bv. bl. 104: *Ek glo al sedert my skooldae dat ek, soos my botaniese naamgenoot, die een of ander tyd moet blom.*
- **Iris se hunkering na haar blomoomblik** sluit aan by die betekenis van haar naam./ Bv. bl.10 *ŉ Iris was nie slegs ŉ bolplant nie, maar sy was ook ŉ Griekse mitologiese godin, in diens van meer belangrike gode.*
- **Vir Iris hou die betekenis van haar naam verband met die lelie in haar ma se tuin wat net een keer per jaar blom en dit versterk haar begeerte** om haar eie blomoomblik te ervaar./Bv. bl.187: *... een laatmiddag speel ek met Polder in die tuin en uit die hoek van my oog sien ek ŉ beweging, iets wilds tussen die groen ... ŉ Blom het oopgegaan. Nie stadig nie, oombliklik.*
- **Iris vrees dat die wonder van haar blomoomblik by haar sal verbygaan** omdat die lelie in haar ma se tuin skielik blom en dan verlep./Bl. 187: *As ek my oë sou geknip het, het ek dit gemis, so vinnig het dit gebeur./* Bl. 195: *Dink jy ek blom dalk eers na ek dood is?*
- **Iris bly hunker na die groot blomtyd in haar lewe** en sy glo dat, soos die kwart -voor-sewe-lelie, sy haar magiese blomoomblik moet ervaar./ Bv. bl.140: *Elke mens moet een keer in sy lewe die regte ding op die regte tyd doen en só ŉ moment van volmaakte sintese beleef.*
- **Iris glo dat sy nie haar kans om te blom moet misloop nie en leef haar hele lewe in afwagting van haar blomtyd./**Bv. bl.104: *En dit is miskien ook een van die redes waarom ek nie altyd nee sê as ek dit behoort te doen nie ... en dat ek dus te alle tye gereed moet wees en nooit ŉ nuwe aanbod van die hand mag wys nie ...*
- **Vir Iris raak dit ŉ lewensfilosofie om te wag vir haar blomoomblik,** al is daar opmerkings van ander wat haar laat twyfel./Bv./ bv. 140: *Dis tog net die naam van ŉ blom, het Bettie gesê ...* /Bl.140: *Wat een keer per blom, het Peter gesê. En sy het gedink die modelstorie is dalk haar kans.*/Bl.148: *Dis ŉ simpel naam. Blomname vir mense is simpel.*
- **Johanna probeer om Iris se siening omtrent haar spesifieke blomtyd te verander** deur haar daarop te wys dat sy elke dag vir hulle blom./Bv. bl.87: *Ag, Iris, het sy gesug. Jy blom elke dag vir ons.*

- **Iris is van mening dat ander mense ook blomtye het**; daarom wonder sy hoe Jonsie 'n blomtyd sou hanteer./ Bv. bl. 204*: Sy was nie die soort mens wat sou sit en wonder wanneer sy eendag gaan blom nie; sy sou tyd, plek en datum bepaal, die gebeurtenis deeglik beplan en almal wat belangstel, inlig.*
- **Iris besluit om Amerika toe te gaan omdat sy voel dat dit haar tyd is om te blom,** want sy is bang haar een geleentheid daarvoor gaan verby./Bv. bl. 87: *'n Iris blom net een keer per jaar. Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom.*
- **Iris sien nie die potensiaal van 'n moontlike blomoomblik raak** wat Kara en die Fransman in Frankryk wat haar modelwerk wil afneem, sien nie. Iris sien haarself as iemand met 'n doodgewone boeregesig./ Bv. bl. 93: *By die huis, ja, maar hier soek hulle na iets anders.*
- **Iris kry nog 'n geleentheid om te blom** as die fotograaf Joe in New York haar potensiaal as model raaksien./Bv.bl.119: *Elke fotograaf droom van so 'n ontdekking.*
- **Billy bring Iris terug tot by die realiteit oor haar blomtyd** wanneer hy sê dat nie alle bolle blom nie./Bv. bl. 105: *Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit? Hy het gegrinnik vir sy bevredigende beeldspraak. Dit kan gebeur. Nie alle bolle kom tot bloei nie.*
- **Iris ervaar Peter se negatiwiteit oor haar soeke na haar blomoomblik** wanneer hy meen dat haar ouers haar nooit Iris moes genoem het nie, want sy sou dan nie soveel verwagtinge gehad het nie./Bv. bl.132: *Jou ouers moet jou nooit Iris gedoop het nie ... As jou naam Marie was, het jy nie so vol idees rondgeloop nie.*
- **Iris word tot haar sinne gebring oor haar blomtyd** wanneer Peter haar voor 'n ultimatum stel en sy kies om saam met hom Vermont toe te gaan in plaas daarvan om die modelkontrak te aanvaar./Bv. bl. 133: *As jy wil blom onder ateljeeligte met mense wat jou deurmekaar gaan boelie, moet jy dit doen. Ek gaan Vermont toe.*
- **Die Engel bring Iris tot insig dat die blomnaam en die lelie niks met haar toekoms te doen het nie,** want 'n naam is net 'n naam./Bl. 187: *Net sowel, het hy gesê. Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vannag bespreek het nie.*
- **Iris word bewus daarvan dat sy ongesiens kan blom** wanneer die Engel haar maan om versigtig te wees, want 'n mens kan blom sonder dat jy dit besef./Bv. bl.195:*Party mense blom ongesiens, het hy gesê. So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie. Soos Ma se lelie.*
- **Iris kom later tot die besef dat 'n mens se hele lewe 'n blomtydperk kan wees** en dat dit nie beperk word tot een magiese oomblik nie. As 'n voorstedelike huisvrou wag sy geduldig saam met Polder, Johanna en die Engel op die kwart – voor – sewe – lelie om te blom./Bv. bl.220: *Wees geduldig, sê ek. Dis amper tyd.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot. **[25]**

## VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 13.1 | Bettie voel dat niemand/Brian se kinders haar waardeer/na waarde ag nie.<br>Brian wil nie met haar trou nie./hou net van haar omdat sy goed kan kook./<br>Brian se libido is laag.<br>Bettie se hormone keil haar op. / maak haar buierig.<br>Bettie se rug was seer.<br>Bettie se fisiese toestand veroorsaak dat sy opgebeur moet word. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 3 |
| 13.2 | Nee.<br>Johanna gee vir dokter Kara met boererate soos ŉ ma sal.<br>Johanna vleg die dogter se hare.<br>Johanna tree soos ŉ ma by Elsa se troue op deur vir haar ŉ blinkdingetjie te leen.<br>Johanna se brief aan Iris in Amerika bevat vermaninge soos wat ‘n ma sal skryf./ondersteun Iris dat sy elke dag vir hulle blom.<br>Johanna staan vir Elsa met haar kinders by./<br>Johanna hou ma geselskap as sy in die huis gaan bly nadat Pa plaas toe is. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 13.3 | Bettie is ŉ raakvatter. / ongeduldig met ander wat nie aan haar vereistes voldoen nie. / prakties ingestel. / onafhanklik. / uitgesproke. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ eie, gepaste motivering vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 13.4 | Iris √<br><br>Die verteller laat die leser besef dat Iris oor die modelkontrak/haar verlore blomoomblik twyfel. √<br><br>*Aangesien die vraag lui “Wie” die verteller is, kan slegs “Iris” as antwoord aanvaar word.* | | 1<br><br>1 |
| 13.5 | Joe neem foto’s van Iris om ŉ model te word terwyl Peter van haar om saam met hom Vermont toe te gaan./’n ultimatum aan haar stel om onder ateljeeligte te blom terwyl hy Vermont toe gaan. √<br><br>Ja.<br>Iris het aan Peter se ultimatum gehoor gegee. / het die modelkontrak laat vaar. √<br><br>*NEE word nie as ŉ antwoord aanvaar nie.* | | 1<br><br>1 |
| 13.6 | 13.6.1 | Die Engel pas die kas op waarin die gif gebêre word. √ Die Engel maak Iris wakker om Bettie te help toe sy siek was. √ | 1<br>1 |
| | 13.6.2 | Die Engel beskerm nie vir Iris toe sy haar enkel breek nie. √ | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13.7 | 13.7.1 | Ma is eksentriek. √ | 1 |
| | 13.7.2 | Ja.<br>Sy het by Die Spieël aangesluit. / praat met voorvader geeste.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Sy tree nou konvensioneel op deur by haar man te woon. √ | 1 |
| 13.8 | 13.8.1 | Elsa maak Iris stil toe sy ŉ mening oor Kara en Claude se liefde lug. √<br>Pa maak Iris stil toe sy aan die gesprek rondom Hannes en Elsa se voorgenome troue wil deelneem. √<br>Elsa sê dat Iris te jonk is om saam te praat. √ | 3 |
| | 13.8.2 | Pa sê dat hulle nie aan Iris se stuiwer ŉ behoefte het nie./die susters genoeg moeilikheid veroorsaak. √ | 1 |
| 13.9.1 | Ja.<br>Haar fantasiekarakters luister na mekaar/reageer op gesprekke wat haar familie nie met haar doen nie./Sy soek die geselskap van fantasiekarakter op, omdat haar familie nie na haar luister nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Iris het ŉ fantasiewêreld geskep omdat sy as jongste alleen was. √ | | 1 |
| 13.9.2 | Die Engel is die oorsaak dat Iris se fantasiewêreld verdwyn./<br>Die Engel help haar om tot insig oor haar naam/blomtyd te kom./<br>Die Engel lei haar tot die besef dat sy verantwoordelikheid vir haar eie keuses/ toekoms moet neem./<br>Die Engel help haar om tot insig oor die lewe te kom (dis nie ŉ storieboek nie)./<br>Die Engel help haar om Peter / ŉ voorstedelike bestaan bo ŉ modelkontrak te kies. √√√ | | 3 |
| 13.10 | Iris kry die speelgoed/klere waarvoor haar susters moeg is./<br>Iris voel sy leef (sonder ŉ keuse) op oorskietkos./word afgeskeep./<br>Iris word anders as haar susters behandel./<br>Iris voel dat sy vir ander/haar ouers/susters/onderwysers moet regstaan. √ | | 1 |
| 13.11 | *Die kandidaat bied ŉ eie, gemotiveerde antwoord aan, bv.*<br><br>Nee.<br>Ma is eksentriek/kunstig om met voorwerpe te gesels. √<br><br>Aangesien Bettie self ŉ raakvatter is/nie ŉ huishoudster nodig het nie, is sy ongeduldig met ander. √ | | 1<br><br>1 |
| | | | **[25]** |

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS*** **– Adam Small**

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

- Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Op skool is die lewe vir Johnnie nie noodwendig sleg nie: hy is 'n onskuldige skoolkind toe hy in Elsiesrivier kies om 'n verhouding met Blanchie, een van die inwoners op die Kaapse Vlakte wat saam met hom skoolgaan, te begin**./Bv*: In 'n terugflits, Map en Blanchie as tienderjarige seun en dogter, nog op skool./ (lag sinies) Johnnie ... Klink mooi, Johnnie ...*
- **Nadat Johnnie, as bruin jongman in die Apartheidsera, matriek geslaag het, sukkel hy om 'n ordentlike werk te kry; wat hom gefrustreerd en desperaat maak. Hy is nie vry om te kies wat hy met sy lewe wil doen nie. Hy kán 'n bode word, maar kies om nié so 'n minderwaardige werk te verrig nie**./Bv. *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien. Ek wiet Ma het baie gehoop op my. Maar well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek ŉ job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only ...*
- **Op die Kaapse Vlakte waar hy woon en leef, is die enigste sinvolle afleiding waarby Johnnie betrokke kan raak, orkeste**. **Johnnie kies binne sy omstandighede om as saksofoonspeler 'n leiersrol in Oompie Paulsen se orkes te vervul**./Bv.: *Boeta het gesê ek moet seker maak of ek mister Jacobs se measurements ook moet niem ...*
- **As gevolg van Johnnie se uitsiglose bestaan op die Kaapse Vlakte – sonder geld/werk/hoop op ŉ verbeterde toekoms, sonder geleenthede – het hy nie die keuse om sy eie posisie te verbeter nie**./Bv. *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien. Ek wiet ma het baie gehoop op my. Maar well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only ...*
- **Op die Kaapse Vlakte, sonder werk en sonder ŉ identiteit, kies Johnnie om ŉ lid van ŉ bende te word omdat hy na identiteit soek**./Bv. *MAP*: *Kan jy sien die tattoos, al die merke? ... 'it was 'n terrible gesoek seker, vir ŉ identity ... 'is verskriklike merke dié, maar dis nog altyd deel van my kaart, 'it wys waar ek gewies het ...*/Bv. *Ek wil oek iets gewies het ... jy't tog ge-verstaan .../ MAP*: *... toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die elemente ... Maar ek was die leader ...*
- **Die bende se erkenning van sy identiteit/leierskap is goed vir Johnnie se ego. Die bende manipuleer hom sodat hy instem tot vroue se verkragting. Hy kies binne sy bepaalde omstandighede dus (saam met die ander bendelede) geweld en misdaad**./Bv. *MAP*: *... toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die elemente ... Maar ek was die leader ... Ek was altyd die leader .../ MAP*: *Ek is 'ie leader, verstaan! Okay, sê ek, moet net 'ie lat die vrouens skrie nie! ...Toe vat hulle die vrouens ... Sy skrie ... En toe wiet ek hy wurg die vrou ...*

- **Die veranderde naam wat Johnnie kry, is ’n aanduiding van die negatiewe omstandighede wat hyself kies. Hy kies om hom te laat tatoeëer, waarna hy soos ’n padkaart lyk – gevolglik word hy “Map”**./Bv. *Van al die merke, al die tattoos, call hulle toe vir my Map Jacobs.*
- **Map, die bendeleier, se omstandighede verander, want as leier het hy bepaalde mag. Dit gee aan hom ’n bepaalde identiteit wat veroorsaak dat hy, as leier, keuses maak wat ingrypend negatief op sy lewe inwerk. Hy is aandadig aan die verkragting van sy ma en suster en die moord op sy suster**./Bv. *MAP*: *Ek is ‘ie leader, verstaan! Okay, sê ek, moet net ‘ie lat die vrouens skrie nie! ... Toe vat hulle die vrouens ... Sy skrie ... En toe wiet ek, ‘cause ‘it was onse manier, toe wiet ek hy wurg die vrou ... lat sy stil moet bly ...*/*MAP*: *... Ek het geskrie en geskrie! ‘it was te laat ... 'is my suster, is Klein-Meisie ... Toe tel een van hulle oek vi’ Ma, vi’ Grootmeisie Jacobs ... van ‘ie grond af op ...*
- **Map se omstandighede word slegter wanneer hy verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar en kies om hom aan die polisie oor te gee na die moord op Ivan Philander**. **Juis binne sulke slegte/negatiewe omstandighede kies hy om verantwoordelikheid te aanvaar en om hom, daarom, self oor te gee**./Bv: *MAP*: *Toe’s ek polisiesstasie toe, na die sergeant op nightduty ... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi*’ die boeie ... *Ek het myself op-gegie. Ek het getry om ‘it ... soes ’n man te vat ...*
- **Sy omstandighede verander nogeens: dit versleg nóg meer wanneer hy, die bendeleier, as moordenaar tronk toe gestuur word. Hoewel hy nie ’n keuse het oor die tronkstraf nie, kies hy om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy dade. Gevolglik dien hy sy straf op ’n positiewe manier uit**./Bv: *MAP*: *... die next oomblik was ek op hom, ek het daai oomblik nie gewiet eers wie wás ‘it nie. Ek swaai hom net van haar af, en ek stiek hom met die mes ... En toe sien ek oek ‘it was Ivan Philander wat ek doodgestiek het ...*/ *Toe’s ek poliesstasie toe, na die sergeant op nightduty ...*/: *Ek het twaalf jaar gekry.*
- **As tronkvoël ervaar Map die verwerping en belediging van die gemeenskap, want hy word skuldig bevind aan moord en gaan tronk toe. Uiteindelik verander Map sodanig / ontwikkel sy karakter so dat hy ten gunste van ’n beter toekoms/'n veranderde menswees kies: hy erken self, na sy bekering, dat hy ’n lewe vol gemors agterlaat en ’n veranderde mens is. Hy kyk met ander oë na sy omstandighede, sy verlede en sy toekoms**./Bv.: *CAVERNELIS*: *... Hy’s ’n ... ’n misdadiger ...*/: *RICHIE*: *... hy’t ’n oeg op haar gehad, voordat hy in is, die vark!* Bv.: *MAP*: *... Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!*
- **In die afgesonderde omstandighede van die tronk verander Map se keuses ten goede omdat hy besef dat hy vir sy ma se toestand en sy suster se dood verantwoordelik is. Skuldgevoelens maak van hom ’n gevangene wat kies om voorbeeldig te wees en die regte dinge te doen**./Bv.: *Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...*/: *Ek is ’n ge-change-de man ... ek het die Here Jesus gevind hierso, regtig, ek sal nie lieg nie ...*
- **Wanneer hy in die negatiewe omstandighede van die tronk tot bekering kom, kies hy om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar; kies hy ook om voor God, Apostel George en sy ma sy skuld te bely en om vergifnis te smeek**./Bv. *MAP*: *O God, vergewe my! ... APOSTEL GEORGE*: *Die Here vergewe ...*/ *APOSTEL GEORGE: ... jy’s nou gered, broer Jacobs ...*
- **In die tronk, waar hy alleen is, en steeds lid van bendes is, ervaar Map intense skuld-gevoelens en toon berou oor sy dade en kies om ’n verandering in sy lewe te maak**./ *MAP: So hierso acknowledge ek nou, my Here ... In die teenwoordigheid van my ma en Apostel George ... jy moet die guts hê, en alles sê voor God!*/: *... ek het ’n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer ’n mens geword ...*

- **Na Johnnie se vrylating ervaar hy dieselfde troostelose omstandighede op die Kaapse Vlakte. Hy kry steeds nie werk nie, want nou het hy ook ŉ reputasie as ŉ tronkvoël. Desnieteenstaande kies hy om nie kwaad te word nie, maar eerder rustig te wag tot ŉ geleentheid opduik**./: *Almal hier, almal in hierdie strate, in hierdie huise, almal ... (Lag.) En die employers, o, almal die employers ... Hulle almal is so sympathetic ... But ... (sê dit baie hard) but, but, but .../ Lag) Ma! Dan wil ek skree en ek wil sê, Well, nee, except vir my tattoos nie ... maar dan bly ek stil .../ Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle ... even húlle, net so, dieselfde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou ŉ naam gee ...*
- **Sy omstandighede word steeds slegter wanneer lede van die gemeenskap hom inlig oor Blanchie se doen en late; hoewel die nuus Map intens ontstel, kies hy om nie kwaad met kwaad te vergeld nie**./ *Ek mind nie wat Blanchie gedoen het meanwhile nie ... Here Jesus, wie is ekke om te mind! ... ek het ŉ regte vark geword, maar nou, ek het weer gechange, ek het weer ŉ mens geword ...*
- **Hoewel Johnnie se omstandighede slegter blyk te wees as voor sy bendedae/tronkjare, toon hy aan die einde insig as hy kies om teenoor Blanchie sy "vuil" en "sleg" te bely en hulle herenig word nadat hy kies om haar te vergewe in die lig van sy eie oortredings./rekord**./Bv. *MAP*: *... Ek het vir jou ... alles ge-vertel ... Blanchie ... Hulle hou mekaar styf vas. Soen mekaar hartstogtelik.*/ *MAP*: *Dit ... moet nou so ... gebeur ... Blanchie ... Dit moet nou ... so gebeur ...*/Bv. *MAP*: ... *Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!*
- **Johnnie se omstandighede verander wanneer Map, die leier van bendes, kies om weer Johnnie te word met die moontlikheid/suggestie om ŉ leier in die gemeenskap/as die saksofoonspeler te word**./Bv. *... en óns hoor – die saxofoon, soos hy dit gespeel het, voorheen ... Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map – hy val half – voor Antie Grootmeisie neer. ANTIE GROOTMEISIE: ... Johnnie ...*

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 15.1 | Richie verwys na (Cyril se) kerrimstukke./ verwys na die kerrim-spel. √ | | 1 |
| 15.2 | 15.2.1 | sewe jaar √<br><br>Hy is tronk toe omdat hy Ivan Philander het met 'n mes dood gesteek. √ | 1<br><br>1 |
| | 15.2.2 | motoriese moment √<br><br>Ja.<br>Die spanning neem toe, omrede die mense van township benoud is oor die feit dat Map hierdie Kersfees uit die tronk uit kom./ Die gehoor ervaar saam met die mense – hulle wonder ook wat Map gaan doen wanneer hy uit die tronk kom. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 15.3 | Cavernelis is versigtig/bang vir Cyril./ wil nie saam met Cyril gesien word nie./wil nie praat met Cyril nie./voel hy is beter as Cyril. √<br><br>Ja.<br>Cavernelis word al lank getreiter deur Cyril / hou nie van konflik nie./ weet nie hoe om Cyril te hanteer nie. / weet Cyril is deel van die bendes. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie* | | 1<br><br>1 |
| 15.4 | 15.4.1 | Dit is karakteropenbarend / karakteriserend van Cyril.<br>Dit gee die leser meer kennis/agtergrondinligting omtrent die gevoel wat Cyril teenoor Cavernelis het. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | 15.4.2 | Hy werk so hard om genoeg geld te verdien, omrede hy ontuis voel tussen die mense van die township. / Cavernelis kom van die Boland af wat hom in 'n ander klas plaas. / Hy verlang terug na die Boland. / Hy wil sy gesin in 'n beter/veiliger woonbuurt laat woon √<br><br>Nee.<br>Cavernelis pleeg selfmoord / maak nie genoeg geld om sy gesin te laat verhuis nie. / het gehoop op die geld wat Blanchie met die modelkontrak sou kry, maar toe dit deur die mat val, was daar nie meer hoop nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 15.5 | Willy la Guma/La Guma √ | | 1 |
| 15.6 | 15.6.1 | Toneelaanwysings/neweteks √ | 1 |
| | 15.6.2 | Die neweteks gee leiding aan die regisseur oor waar Map en Blanchie moet staan op die verhoog. / Dis belangrike inligting vir Blanchie, want dit dui aan wanneer sy op die verhoog moet verskyn. / wat sy op die verhoog moet doen. / Dui vir die gehoor die teken dat 'n nuwe toneel begin. Dat die lig moet verander, is belangrike inligting vir die tegniese span wat met behulp van die lig op Blanchie moet fokus. / om aan te dui dat die karakters op die verhoog wissel. / Gee belangrike inligting vir die akteurs wat Blanchie en Map vertolk, waar hulle moet staan en ook hoe hulle moet reageer/hoe hulle gemoedtoestand moet wees. √√<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.7 | Net soos Blanchie nie oorsee kan gaan nie, so is almal wat bly op die Kaapse Vlakte teen hulle sin daar. Daar is geen moontlikheid van uitkoms nie./ Uitsigloosheid van die inwoners van die Kaapse Vlakte. √<br>Blanchie kom nie uit haar moeilike omstandighede nie. / Haar pa pleeg selfmoord en dus is daar nou nog weinig kans vir wegkom./ Word nou die bespotting van die gemeenskap. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | | 1<br>1 |
| 15.8 | Jy sou verwag dat Tommy nie skinder nie (a.g.v. sy woorde *"dis nie onse biesagheit nie"*), maar tog is hy een van die karakters wat die meeste skinder en sy neus in ander mense se *besigheid* insteek. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 15.9 | 15.9.1 | Blanchie het op haar pa geskree en hom beskuldig dat dit sy skuld is dat sy nie die modelkontrak Parys toe gekry het nie. Sy probeer hom in die hande kry om jammer te sê / om dinge uit te stryk met haar pa. / het hom nog nooit so ontsteld en verslae gesien en sy is die oorsaak daarvan. √ | 1 |
| | 15.9.2 | Nee.<br>Cavernelis pleeg selfmoord en Blanchie kan nie vir hom jammer sê nie. / Blanchie sal nou bly wonder of dit haar skuld was dat haar pa selfmoord gepleeg het. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as 'n antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 15.10 | Blanchie het verlief geword op Johnnie voor hy in die bendes was en sy nuwe naam, Map gekry het. / Vir haar sal hy altyd Johnnie die onskuldige skoolseun bly en nie Map die bendeleier nie. / sien altyd die goeie in Map raak, en daarom sal hy altyd vir haar Johnnie bly. √ | | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 15.11 | 15.11.1 | In TEKS I is daar nog 'n groot vrees en spanning oor die feit dat Map uit die tronk gaan kom, maar in TEKS J het Map al uitgekom en alles is rustig. √<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die verskil vir EEN punt aan.* | 1 |
| | 15.11.2 | Nee.<br>Map was 'n 'changed' man. / het net in sy ma se huis gebly en nie sommer uitgekom nie./ het vergifnis gaan soek by Blanchie./ √ al het hy nog nie werk gekry nie, het hy nie terug na die bendes gegaan nie. √<br><br>*Die kandidaat bied soortgelyke antwoorde vir TWEE punte aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br>1 |
| 15.12 | Ja.<br>Dit is geskryf in Kaaps Afrikaans en dit is ook hoe die mense van daardie area praat. / op so 'n manier maak dit die drama meer geloofwaardig. √<br><br>Ja.<br>Dit is nog relevant vandag omrede die sosiale omstandighede nog nie verander het in gebiede soos die Cape Flats nie. / Mense wat moes trek bly nog steeds in gebiede soos die Cape Flats. / Net sekere bevolkingsgroepe het voordeel getrek uit post-apartheid en die mense van die Cape Flats is nie een van hulle nie.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | | 1<br><br>1 |
| | | | **[25]** |

**_MIS_ – Reza de Wet**

**VRAAG 16: _MIS_ – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Meisie**
- Reeds vroeg in die drama kom ŉ mens agter dat Meisie nie tevrede is met haar omstandighede nie, en smag na vryheid.
- Sy plant rose voor die vensters om die misreuk te verdoesel.
- Sy probeer heeltyd om ŉ blik te kry van die sirkus – wat vir haar eksoties en ver verwyderd van haar harde realiteit is.
- Die feit dat sy selfs weggeglip het in die verlede om die sirkus te siene te kry, is een van die maniere hoe sy probeer om vry te word.
- Sy hang ook aan Gertie se lippe wanneer sy vertel van die “armsalige ellendelinge” wat vir as abnormaliteite vertoon word.
- Selfs in die klein gebaar, om nie ŉ vingerhoed te dra terwyl sy aan die sakke werk, wys duidelik dat sy nie wil inval by haar ma en die omstandighede nie.
- Die feit dat haar ma net Meisie noem en nie op haar regte naam nie, verswelg haar in anonimiteit.
- **Konstabel** se koms maak dat Meisie se strewe na bevryding egter nou ŉ realiteit word.
- Konstabel sien haar raak as ŉ persoon en nie net ŉ meisie nie. Deur haar te noem op haar naam, Margareta bevry hy haar van anonimiteit.
- Hy stel belang in haar, wil haar “sien” en maak geselsies met haar, in vergelyking met niemand in haar huis haar ooit as ŉ vrou gesien het nie.
- Konstabel help haar met die slopemmer – gewoonlik moet sy self sukkel.
- Met die verloop van die aand, help Konstabel vir Meisie om te ontwikkel en groei. Wanneer sy hom rondom middernag in die kombuis kry, met net haar aannemingsrok aan en kaalvoet, is sy gereed om uit haar kokon te kom soos ŉ skoenlapper.
- Meisie dans uit en verdwyn saam met Konstabel. Bevry van haar slegte omstandighede.

- **Gertie**
- Gertie streef om van haar oujongnooiskap en die eng gemeenskap te ontsnap.
- Gertie daag by Miem en Meisie op, omrede sy alleen by haar huis is en bang is – sy het nie ŉ man wat haar sal kan beskerm nie.
- In haar diepste van wese hoop sy dat sy egter nog moontlik ŉ prooi sal kan wees en dat sy ook moontlik kan verdwyn om middernag. Enige iets is beter as die versmorende bestaan wat sy alleen moet doen.
- Met die koms van Konstabel, is dit asof ŉ lig op hierdie behoefte om vry te word val. Van die begin af sien sy hom as ŉ moontlike bevryder of eerder ŉ moontlike man wat met haar sal kan trou.

- Sy probeer aan hom ’n gunstige beeld skep, aangesien hy nie kan “sien” nie. Bv. haar hare is baie dikker en langer wat dit werklik is.
- Wanneer Konstabel begin vertel van sy tannie Hannie, is dit asof Gertie deur al die bande breek. Sy raak ’n sensuele vrou, nie noodwendig uiterlik nie, maar innerlik. Hier die reis na seksuele bevryding word egter onderbreek met Miems se terugkeer.

Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 17.1 | 1936 | | 1 |
| 17.2 | Die fratse wat by die sirkus vertoon word. √<br><br>Die sirkus is vir Miem die bose wat besweer moet word. / hou vir Meisie en Gertie bevryding in. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1<br><br>1 |
| 17.3 | Sy sal nooit dit wat sy gesien het in die tent van die fratse vergeet nie. / Sy sal nooit die verskriklike verwronge mense vergeet wat sy in die fratse vertoning gesien het nie. | | 1 |
| 17.4 | Dit skep 'n stemming van mistroostigheid / beklemtoon Meisie se mistroostige bestaan. √<br><br>Dit suggereer die naderende onheil. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | | 1<br><br>1 |
| 17.5 | 17.5.1 | Die afgelope twee jaar het daar elke jaar op 31 Augustus/ laaste aand in Augustus, 'n jong meisie verdwyn.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | 17.5.2 | Ja<br>Miem is bang dat Meisie iets sal oorkom/ weg gaan raak.<br><br>Gertie – alhoewel sy geen geldige rede het nie, is ook bang sy kom self iets oor.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 17.6 | Miem is verlig dat hulle beskerming kry, maar dit help niks nie en Meisie verdwyn nog steeds./<br>Miem is verlig dat daar beskerming in die dorp is, maar dit keer nie dat die gevaar haar huis binnekom nie./<br>Miem is verlig dat daar beskerming op die dorp is, maar haar huis en gesin word nie beskerm nie. /<br>Miem is verlig dat daar iemand hulle kom beskerm, maar vertrou dan die polisieman en dit lei tot hulle ondergang. √√<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17.7 | 17.7.1 | Sneeuwitjie √<br><br>Albei is bleek en wag albei op ŉ prinsbevryder. √√ | 1<br><br>2 |
| | 17.7.2 | Drie is ŉ magiese getal en sluit aan by "wonder" wat gaan gebeur. / Dit skakel met Meisie se wonderbaarlike verdwyning. Dit versterk die gebruik van ŉ sprokieskarakter √ | 1 |
| 17.8 | Gabriël/Miem se man./Meisie se pa. √<br><br>Gabriël het sewe jaar tevore alles verloor in die Groot Depressie. Hy het geestelik geknak en in die solder gaan bly. √ | | 1<br><br>1 |
| 17.9 | 17.9.1 | Tant Hannie √ | 1 |
| | 17.9.2 | Gertie is ŉ oujongnooi en smag na seksuele bevryding./ Gertie het ŉ hoop in haar dat Konstabel haar ook so sal begeer. / Konstabel kan mos nie sien nie, dus leef Gertie haar in die rol van Tannie Hannie in, opsoek na seksuele bevryding. √<br><br>Ja, Miem is getroud, maar het haar man sewe jaar laas gesien, en smag ook na seksuele bevryding.<br><br>**OF**<br><br>Nee, Miem het vaste oortuigings en sal nie dat ŉ storietjie van Tant Hannie, haar in die versoeking lei nie. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | | |
| 17.10 | neweteks/toneelaanwysings √<br><br>Dit is karakteropenbarend./karakteriserend/<br>Dit gee ŉ aanduiding vir die aktrises wat Miem en Gertie, onderskeidelik, vertolk watter emosies en beweging moet gebeur./<br>Dit wys vir die gehoor hoe sterk hierdie begeerte is (by albei vroue) om vry te kom. √√ | | 1<br><br>2 |
| | | | |
| 17.11. | 17.11.1 | Ja.<br>Beide vroue stry of staan op teen dit wat hulle vas hou./ Meisie staan teen die haar verswelgende ma op en weier om ŉ vingerhoed te dra. Gertie weer breek uit morele onderdrukking leef haar in, in Konstabel se suggestiewe storie in. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Beide GERTIE en MEISIE moet bespreek word om EEN punt te verwerf.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as ŉ antwoord aanbied nie.* | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 17.11.2 | Nee.<br><br>Gertie kry net so half en half bevryding, en wanneer Miem hulle onderbreek, gaan trek Gertie haarself reg en klim terug in dit wat van haar verwag word.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as 'n antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **5–6** | **4** | **3** | **2** | **0–1** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**6 PUNTE** | - Diepgaande interpretasie van onderwerp.<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is.<br>- Uitstekende begrip van die genre en gedig. | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer.<br>- Respons redelik gedetailleerd.<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie.<br>- Begrip van genre en gedig duidelik. | - Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie.<br>- Basiese begrip van genre en gedig. | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp.<br>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie.<br>- Onvoldoende begrip van genre en gedig. | - Geen begrip van die onderwerp nie.<br>- Geen verwysing na die gedig nie.<br>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie. |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0–1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**4 PUNTE** | - Samehangende struktuur.<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling.<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek.<br>- Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry. | - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument.<br>- Vloei van argument kan gevolg word.<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. | - Enkele bewyse van struktuur.<br>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel.<br>- Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas. | - Struktuur toon tekens van swak beplanning.<br>- Argumente nie logies gerangskik nie.<br>- Taalfoute beduidend.<br>- Toon en styl nie geskik nie. | - Struktuur swak.<br>- Ernstige taalfoute.<br>Foutiewe styl. |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–** | **0–3** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**15 PUNTE** | - Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13<br>- Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman / drama gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die genre en teks | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en teks duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en teks | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>- Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>- Baie min relevante argumente<br>- Weinig begrip van genre en teks | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Swak poging om die vraag te beantwoord<br>- Argumente oortuig nie<br>- Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**10 PUNTE** | - Samehangende struktuur<br>- Uitstekende inleiding en slot<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | - Duidelike struktuur<br>- Logiese vloei van argument<br>- Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>- Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>- Paragrafering meestal korrek | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief | - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>- Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>- Styl en toon nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou